GLG791 Uitgebreide skripsie. Keuse in oorleg met kursuskoördineerder. Kandidaat moet 'n navorsingsopdrag onder leiding uitvoer en in die vorm van 'n uitgebreide skripsie opskryf, wat vir formele eksaminering ingedien word.

**Al die modules bedra 10 krediete en die uitgebreide skripsie 60 krediete. Modules GLG712, 713, 714, 715, 725 en 726 dien as onderbou vir die uitgebreide skripsie.**

**Reg. D40 - Organisasie van die kursus**

Datums waartydens modules aangebied word, sal aan die begin van elke jaar bekend gemaak word.

**Reg. D41 - Eksaminering**

Deurlopende assessering van take en tutoriale sal tot die jaarsyfer bydra wat saam met die formele eksamen in Junie en November, die finale syfer uitmaak. Eksaminering van modules GLG721, GL724,

GLG725 en GLG726 geskied slegs deur middel van deurlopende assessering in die vorm van take en tutoriale.

Die uitgebreide skripsie (GLG791) sal deur die studieleier(s) en 'n eksterne moderator geëvalueer word. Vir die verwerwing van die Magister in Mineralehulpbronbestuur word 'n slaagsyfer van minstens 50%, in elke module, insluitend die uitgebreide skripsie, vereis.

---

# INLIGTING

**Vir regulasies aangaande ondergemelde studierigtings, kyk Jaarboek Deel 2: Argitektuur, Bourekenkunde en Konstruksiebestuur en Stads- en Streekbeplanning.**


| | | **Bladsy** |
|---|---|---|
| MAGISTER ARCHITECTURAE [M.ARCH.] | Studiekode 4710 | 16 |
| MAGISTER SCIENTIAE (BOUREKENKUNDE) [MSc(Q.S.)] | Studiekode 4720 | 65 |
| MAGISTER SCIENTIAE (KONSTRUKSIEBESTUUR) [MSc(Konstruksiebestuur)] | Studiekode 4780 | 65 |
| MAGISTER IN GROND- EN EIENDOMS-ONTWIKKELINGSBESTUUR M.G.E.B. [M.PROP.] | Studiekode 4797 of 4798 | 66 |
| MAGISTER IN GROND- EN EIENDOMS-ONTWIKKELINGSBESTUUR: BEHUISING M..G.E.B. (BEH) | Studiekode 4761 | 102 |
| MAGISTER IN STADS- EN STREEKBEPLANNING (Nuut) [M.S.S.] | Studiekode 4762 | 104 |
| MAGISTER STADS- EN STREEKBEPLANNING [M.S.S.] | Studiekode 4765 | 108 |
| DOCTOR ARCHITECTURAE [(D.Arch.] | Studiekode 4910 | 20 |
| PHILOSOPHIAE DOCTOR [PhD] | Studiekode 4920 | 70 |


## MAGISTER SCIENTIAE (KLINIESE SIELKUNDE)
## Studiekode 4740

- Studente wat die Magister Scientiae (Kliniese Sielkunde) per verhandeling doen, registreer onder die kode 4741.
- Studente wat die Magister Scientiae (Kliniese Sielkunde) gestruktureerd doen, registreer onder die kode 4742.

EN

## MAGISTER SCIENTIAE (VOORLIGTINGSIELKUNDE)
## Studiekode 4750

- Studente wat die Magister Scientiae (Voorligtingsielkunde) per verhandeling doen, registreer onder die kode 4751.

- Studente wat die Magister Scientiae (Voorligtingsielkunde) gestruktureerd doen, registreer onder die kode 4752.

Vir volledige inligting kyk Jaarboek Fakulteit Geesteswetenskappe.

**MAGISTER SCIENTIAE (HUISHOUDKUNDE)**
**Studiekode 4770**

- Studente wat die Magister Scientiae (Huishoudkunde) per verhandeling doen, registreer onder die kode 4771.
- Studente wat die Magister Scientiae (Huishoudkunde) gestruktureerd doen, registreer onder die kode 4772.

**KURRIKULUM**

**Reg. D42 - Vereistes**

a) 'n Verhandeling (HDK700 - 128 krediete) word vereis
of
b) VWS701, VWS702 en VWS703 of HDK701 of VDG701 (60 krediete) toepaslik tot die navorsingsonderwerpen 'n uitgebreide skripsie (HDK791 -68 krediete).

**MAGISTER IN OMGEWINGSBESTUUR** **M.O.B.**
**Studiekode 4790** **Kursuskode 700**

- Studente wat die Magister (Omgewingsbestuur) gestruktureerd doen, registreer onder die kode 4796.

**Reg. D43 - Toelatingsvereistes**

'n Driejarige graad of 'n ekwivalente kwalifikasie met toepaslike ervaring kan deur die Universiteit oorweeg word vir toelating. Afhangend van die akademiese agtergrond van die kandidaat kan addisionele modules voorgeskryf word.

Waar 'n kandidaat nie in geheel aan die toelatingsvereistes voldoen nie, kan die Dekaan, in oorleg met die Bestuurskomitee, in gevalle met meriete aanbeveel dat die vereistes deels opgehef word.

Aangesien slegs 'n beperkte getal kandidate aanvaar kan word, moet 'n aansoekvorm, beskikbaar vanaf die Sentrum vir Omgewingsbestuur, voor 15 Oktober van die vorige jaar ingehandig word, waarna keuring toegepas sal word.

Die program bestaan uit verpligtemodules, keuse modules en 'n uitgebreide skripsie.

**Reg. D44 - Kursussamestelling en inhoud**

Die program sal interdissiplinêr aangebied word deur die Fakulteite Natuur- en Landbouwetenskappe, in samewerking met Gesondheidswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regsgeleerdheid enGeesteswetenskappe, onder beheer van die Sentrum vir Omgewingsbestuur en 'n Bestuurskomitee.

Die program sal uit vier afsonderlike modules bestaan, waarvan elk ses maande sal duur. In die eerste twee modules sal die basiese beginsels en grondbegrippe van die natuurlike omgewing, sowel as aspekte van bestuur en beplanning aangeleer word, die derde sal 'n spesialiteitsmodule en die vierde 'n uitgebreide skripsie behels. 'n Blokperiode van twee weke per semester, twee tot drie weke in die

geval van die tweede semester van die eerste jaar, is verpligtend en sal gebruik word vir lesings, praktika, tutoriale en besprekings. Vir die res van die semester sal die kandidaat deur selfstudie werkstukke voorberei en inhandig of voordra.

**Kode** **Kursus modules**

**Eerste jaar**
**Semester 1**
**Verpligte module**

**MOB707 (48 krediete) - Hulpbronne en prosesse**

Inleiding tot Omgewingsbestuur, natuurlike hulpbronne en prosesse, rekenaargebruik enskryf-vaardighede.

**Semester 2**
**Verpligte module**

**MOB708 (48 krediete) - Die mens en die omgewing**

**Verpligtend**:
a. Volhoubare leefwyse en bevolkingsneigings
b. Omgewingsekonomie
c. Beplanning Plaaslike Agenda 21 en beplanningstegnieke
d. Politiek en die omgewing
e. Omgewingsbeleid en wetgewing
f. Omgewingskommunikasie
g. Korporatiewe regeerkunde en rapportering
h. Omgewingsouditering en ISO 14000
i. Omgewingsbestuurstelsels
j. Konflikbestuur
k. Projekbestuur

**Tweede jaar**
**Semester 3**
**Keuse modules**

**MOB741-MOB743 (48 krediete) - Spesialiteitsrigtings**

Omgewingsaspekte van goedgekeurde vakgebied, waarskynlik 'n uitbreiding van kandidaat se voorgraadse hoofmodule(s), onder toesig van 'n genomineerde voogdosent. Die uitgebreide skripsie sal verkieslik in dieselfde rigting wees. Elke modulesal 'n sterk Omgewingsimpakanalise (EIA) komponent bevat.

Slegs een keuse (met goedkeuring) word geneem:

MOB741 Omgewingsbestuur van water, besoedeling en rehabilitasie
MOB743 Omgewingsbestuur van biodiversiteit en bewaring

**Semester 4**
**Verpligte module**

**MOB791 (96 krediete) - Uitgebreide skripsie en spesialiteitsontwikkeling**

'n Kandidaat moet 'n navorsingsopdrag onder leiding uitvoer en in die vorm van 'n uitgebreide skripsie opskryf, wat vir eksaminering ingedien word. Die onderwerp en studieleier(s) sal verkieslik aan die keuse module onder MOB741-743 gekoppel word.

**Reg. D45 - Organisasie van die kursus**

By die aanvang van elke semester moet kandidate vir twee weke na die kampus in Bloemfontein kom, waartydens die inleidende lesings, tutoriale, praktika en besprekings sal plaasvind en die werks-program gefinaliseer sal word.

Na voltooiing van al vier modules in die program moet die kandidaat kortweg die volgende kennis en vaardighede hê:

- 'n Grondige kennis van hulpbronne en prosesse in ekosisteme en die rol van invloede op ekosisteme.
- Analitiese vaardighede om impakte en die status van die omgewing te bepaal.
- Vermoë om oplossings vir omgewingsprobleme daar te stel.
- Navorsingsvaardigheid in 'n bepaalde spesialiteitsgebied.
- Omgewingsimpakanalises kan uitvoer en oor kennis van wetgewing wat op die omgewing betrekking het, beskik.
- Begrip van hulpbronbewaring, spesifieke politieke en sosiologiese tendense, waar dit die omgewing raak.

**Reg. D46 - Eksaminering**

Deurlopende assessering van werk en werkstukke sal tot die semestersyfer bydra wat saam met formele eksaminering (MOB707, MOB708 en MOB741-743) tot die gesamentlike syfer tel. Eksaminering sal aan die einde van elke semester geskied. Vir die verwerwing van die magistergraad moet die kandidaat werkstukke, mondelinge, formele eksamens en die uitgebreide skripsie, elkeen met ten minste 50% slaag.

Formele eksamens sal 40% van die gesamentlike syfer, en die semestersyfer (en mondeling waar toepaslik) 60% van MOB707, MOB708 en MOB741-743beslaan. MOB707, MOB708 en MOB741-MOB743sal elk 20% en MOB791 40% tot die finale kursussyfer bydra. Om die magistergraad met lof te slaag, moet 'n syfer van 75% of meer behaal word.

Die uitgebreide skripsie (MOB791) sal deur die assessore en 'n moderator geëvalueer word.

# Doktorsgrade (NKR-vlak 10)

Die volgende doktorsgrade word in die Fakulteit toegeken:

| | Graad | Afkorting | Studiekode | Kursuskode |
|---|---|---|---|---|
| (i) | Doctor Scientiae | D.Sc. | 4900 | 900 |
| (ii) | Doctor Architecturae | D.Arch. | 4910 | 900 |
| (iii) | Philosophiae Doctor | PhD | 4920 | 900 |

Die graad Philosophiae Doctor word in die volgende afdelings toegeken:

Argitektuur, Biochemie, Mikrobiese Biotegnologie, Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika ('n mondeling oor die proefskrif kan vereis word), Forensiese Genetika, Gedragsgenetika, Genetika, Geografie, Geologie (GLG), Geohidrologie, Grondkunde, Eiendomswetenskap, Huishoudkunde, Landbouweerkunde, Limnologie, Mikrobiologie, Minerale-hulpbronbestuur (MRM), Natuurlewe, Omgewingsbestuur, Plantkunde, Plantmolekulêre Biologie,Plantpatologie, Rekenaarinligtingstelsels, Sielkunde, Stads- en Streekbeplanning, Statistiek, Sterrekunde, Toegepaste Wiskunde, Voedselwetenskap, Weidingkunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

**REGULASIES**

**Reg. D47 -Toelating**

**(a)** Die algemene regulasies ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit.

**(b)** Kandidate moet aansoek doen by die Departementele Voorsitter vir toelating tot die Doktors-graadstudie.

**(c) Limnologie**

'n Kandidaat moet in besit van 'n MSc in Limnologie wees om tot die PhD-graad toegelaat te word. Persone in besit van 'n MSc-graad in 'n verwante studierigting sal addisioneel tot die proefskrif teoretiese werk en werksopdragte (4) in Limnologie moet afhandel voordat die proefskrif vir eksaminering ingehandig word. Twee werksopdragte moet as voordragte aangebied word en eksaminering geskieddeur middel van 'n mondeling.

Die Limnologiekomitee sal studieleiers aanwys en besluit in watter departement 'n kandidaat sal registreer.

**(d) Sielkunde**

Wat die PhD-graad in Sielkunde (SIL900) betref, word 'n proefskrif vereis of kan een van die volgende twee gedoseerde kursusse gevolg word:
- PhD-graad in Sielkunde met endossement: Kindersielkunde en Aanverwante Terreine.
- PhD-graad in Sielkunde met endossement: Kliniese Hipnose.

(Kyk Jaarboek Deel 6, Fakulteit Geesteswetenskappe vir verdere besonderhede.)

**(e) Omgewingsbestuur**

'n Kandidaat moet in besit van 'n MOB-graad wees om tot die PhD-graad toegelaat te word. Persone in besit van 'n ander M.-graad kan vir toelating tot die PhD oorweeg word. In sulke gevalle kan addisioneel tot die proefskrif, werksopdragte uit die MOB700-kursus, deur die

Bestuurskomitee van die Sentrum vir Omgewingsbestuur voorgeskryf word, wat afgehandel moet word voordat die proefskrif vir eksaminering ingehandig word. Die Beheerkomitee van die Sentrum vir Omgewingsbestuur sal promotors aanwys en besluit in watter departement 'n kandidaat sal registreer.

**(f) Mikrobiese Biotegnologie**

'n Kandidaat moet in besit wees van 'n magistergraad in Mikrobiologie, Biochemie, Voedselwetenskap, Mikrobiese Biotegnologie of 'n verwante dissipline. Kandidate wat oor 'n magistergraad in verwante vakke (bv. Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Chemiese Ingenieurswese) beskik, kan deur die Mikrobiese Biotegnologiekomitee versoek word om addisioneel tot die proefskrif teoretiese werk, werksopdragte en/of modules af te handel voordat die proefskrifte vir eksaminering ingehandig word.

**Reg. D48 - Vereistes**

Vir ten minste vier semesters doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp in oorleg met die Departementele Voorsitter ter voorbereiding van 'n proefskrif wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word. Die kandidaat sal minstens een seminaar/navorsingsverslag in elke studiejaar voordra, in ooreenstemming met die departementele regulasies.

## DOCTOR ARCHITECTURAE
## Studiekode 4910

**Reg. D49 - Regulasies soos vir PhD**

## DOCTOR SCIENTIAE
## Studiekode 4900

**Reg. D50 - 'n Kandidaat vir die graad D.Sc. word verwys na die Algemene Regulasies.**

# SILLABUSSE

# Biochemie

**BOC614 (16 krediete) – Algemene analitiese en chromatografiese tegnieke in Biochemie (eerste kwartaal)**
Navorsingstegnieke in Biochemie: serologiese tegnieke, chromatografiese-, spektroskopiese- en ander analitiese tegnieke vir die ontleding van biomolekules en produkte.

**BOC634 (16 krediete)– Proteïenstruktuur en katalise (Derde kwartaal)**
Ensiemstruktuur en die teorie van katalise: termodinamiese en kinetiese beginsels, meganismes wat gebruik word in katalise. Ensiem reaksiemeganismes, ligandbinding en -ontwerp. Ensiem struktuurbepaling en voorspelling. Ensiemtoepassings in organiese chemie.

**BOC654 (16 krediete)– Bioinformatika en genomika (Tweede kwartaal)**
Berekeningsmetodes: databassisе en die analise van volgordedata. Die minimale genoom, volgordebepaling van genome, bestaande en ontluikende tegnologie, annotering van genome en konstruksie van metaboliese bane. Toepassings van genomika en metagenomika.

**BOC674 (16 krediete) – Gevorderde molekulêre biologie (tweede kwartaal)**
Die lees en interpretasie van molekulêre biologiese publikasies, wat gepaardgaan met 'n voordrag oor 'n huidige molekulêre biologiese onderwerp. Die gebruik van gevorderde molekulêre biologiese tegnieke asook onderrig in rekenaargebruik wat verband hou met die ontleding van DNA inligting. Daar sal ook van die studente verwag word om selfstudie te doen oor geselekteerde onderwerpe wat met molekulêre biologie verband hou.

**BOC622 (8 krediete) – Mondeling eksamen oor teorie en praktika (einde 4de kwartaal)**
Die mondelinge eksamen word in November afgelê. 'n Paneel bestaande uit dosente van die afdeling Mikrobiologie en Biochemie, en wat 'n eksterne assessor insluit, word vir die doel saamgestel. Tydens hierdie mondelinge eksamen word die algemene kennis van die student met betrekking tot die vakgebied getoets, sowel as aspekte van die Biochemie Honneurskursus.

**BOC693 (24 krediete) – Navorsing: Literastuurstudie (2de en 3de kwartaal)**
Studente doen literatuurnavorsing oor 'n onderwerp wat aan hulle voorsien word in die eerste semester deur 'n dosent wat as hulle mentor optree. 'n Literatuurverslag word oor die onderwerp geskryf, en dit word ook mondeling as ’n referaat aangebied. Die skriftelike deel van die module word deur die mentor asook deur die eksterne assessor vir die module beoordeel, en punte word deur beide toegeken.

**BOC692 (32 krediete) – Skripsie (2de-4de kwartaal)**
Studente doen 'n navorsingsprojek oor 'n onderwerp wat in die eerste semester aan hulle voorsien word deur 'n dosent wat as hulle mentor optree. 'n Verslag word oor die resultate geskryf en word ook mondeling as ’n referaat aangebied. Die skriftelike gedeelte van die module word deur die mentor asook deur ‘n eksterne assessor vir die module beoordeel, en punte word deur beide toegeken.

# Dierkunde

**DRK614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke, Wetenskaplike Metodiek en Wetenskaplike Kommunikasie**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met geselekteerde tegnieke van toepassing in Dierkunde, asook die ontsluiting van wetenskaplike literatuur, organisering en assessering van wetenskaplike inligting, samevatting van inligting volgens wetenskaplike standaard en formaat, en skriftelike en mondelinge wetenskaplike kommunikasie vermoëns.

**DRK622 (8 krediete) – Kwantitatiewe Ekologie**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en met voltooiing daarvan is studente onderleg in die meetbaarheid van die biotiese komponente van 'n ekosisteem.

**DRK632 (8 krediete) – Biodiversiteit (Evolusie en Biogeografie)**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met evolusionêre verandering as die hoeksteen van die biologiese wetenskap.

**DRK642 (8 krediete) – Die Omgewing**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en onderlê studente in die nuutste ontwikkelings aangaande die volhoubaarheid van die omgewing en die rol wat die mens daarin speel.

**DRK654 (16 krediete) – Veeartsenykundige Ektoparasitologie**
Die kursus sentreer rondom die voorkoms, biologie, interaksie met gashere en die omgewing, oordrag van patogene organsimes aan gashere en beheer van geselekteerde ektoparasiete van vee en troeteldiere. Spesifieke aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van weerstandbiedendheid teen chemiese beheer en die bestuur daarvan veral in boerderybedrywe. Die kursus sluit beide teoretiese en praktiese komponente in.
Hierdie kursus sal bydra om studente toe te rus om 'n loopbaan te volg in die navorsing, ontwikkeling en bemarkingsafdelings van farmaseutiese maatskappye. Voorts kan die verkreë kundigheid ook bydra om 'n pos te bekom as 'n navorser by 'n kontraknavorsingsinstansie.

**DRK664 (16 krediete) – Dieregedrag / Veeartsenykundige Endoparasitologie**
Dieregedrag: 'n Holistiese benadering word gevolg om die gedrag van veral werweldiere onder natuurlike omstandighede te verstaan en te verklaar, waardeur basiese beginsels van etologie, ekologie en evolusie ter sprake kom. Kundigheid in gedragstudies is geskik vir loopbane in natuurbewaring, landbou, akademiese instellings en konsultasiewerk.
Veeartsenykundige Endoparasitologie: Die kursus fokus daarop om die studente op te lei in aspekte van biologie, epidemiologie, diagnose, behandeling en beheer van veeartsenykundig belangrike helminte, protozoa en rickettsia parasiete, asook soönoses van ekonomiese belang in Suid-Afrika.Die praktiese aspekte van hierdie kursus sluit laboratorium diagnostiek en molekulêre parasitologiese navorsingstegnieke in.

**DRK674 (16 krediete) – Akwatiese Parasitologie/Vleiland-ekologie**
Akwatiese Parasitologie: Hierdie kursus handel oor parasiete wat permanent of vir 'n deel van hul lewensloop in water voorkom. Die kursus sluit taksonomie, ekologie, patologie, parasiet-gasheer verwantskappe, episoötiologie en bestryding van parasiete in.
Vleiland-ekologie: Die volgende aspekte sal gedek word: Vleilande van suidelike Afrika, chemiese en fisiese toestande in vleilande, biotiese gemeenskappe, vleilande as biologiese filters, bedreigings vir vleilande, produksie en produktiwiteit asook vleilande in ariede omgewings.

**DRK684 (16 krediete) – Afrika Ornitologie / Immunologie**

Afrika Ornitologie: 'n Breedvoerige kursus oor die voorkoms, verspreiding en gedrag van voëls in 'n Afrika-konteks. Die student sal vertroud wees met verskeie faktore wat voëlverspreiding en -gedrag beïnvloed. Die kursus is 'n waardevolle toevoeging tot 'n ekologiese agtergrond wat die basis van verskeie vakdissiplines vorm.
Immunologie: Die kursus fokus op aspekte van aangebore en spesifieke immuniteit, en selgemedieërde en humorale immuniteit.Dit dek ook antiliggaamstruktuur, biologiese eienskappe van immunoglobulienes, transfusie-immunologie en immunologiese aspekte van MIV-VIGS.Die praktiese aspekte bevat 'n inleiding tot serologiese toetsing, immunodiagnostiek en immunologiese navorsingstegnieke.

**DRK692(32 krediete) –Skripsie**
Die Navorsingsprojek strek oor die hele jaar.
'n Mondelinge voordrag en 'n projekverslag word vereis.
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleem-identifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate. Self-standigheid en wetenskaplike insig wat hier gekweek word, bied geleenthede vir verdere nagraadse studie.

**XXX000– Gevorderde aanverwante module**
Hierdie module word uit 'n toepaslike vakrigting buite Dierkunde geselekteer en bied die geleentheid tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld van die student.

# Entomologie

**ENT614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke, Wetenskaplike Metodiek en WetenskaplikeKommunikasie**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met geselekteerde tegnieke van toepassing in Entomologie, asook die ontsluiting van wetenskaplike literatuur, organisering en assessering van wetenskaplike inligting, samevatting van inligting volgens wetenskaplike standaard en formaat, en skriftelike en mondelingse wetenskaplike kommunikasie vermoëns.

**ENT622 (8 krediete) – Kwantitatiewe Ekologie**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en voltooiing daarvan is studente onderleg in die meetbaarheid van die biotiese komponente van 'n ekosisteem.

**ENT632 (8 krediete) – Biodiversiteit (Evolusie en Biogeografie)**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met evolusionêre verandering as die hoeksteen van die biologiese wetenskap.

**ENT642 (8 krediete) – Die Omgewing**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en onderlê studente in die nuutste ontwikkelings aangaande die volhoubaarheid van die omgewing en die rol wat die mens daarin speel.

**ENT654 (16 krediete) – Insek - Plant Interaksies**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met die noue assosiasie wat daar tussen plantvoedende insekte en hul gasheerplante bestaan. Kennis hiervan het 'n beduidende toepassings-waarde in ondersoeke waar natuurlike plantegroei en aangeplante plante ter sprake is.

**ENT664 (16 krediete) – Mediese en Veeartsenykundige Entomologie**
Hierdie module handel oor die bio-ekologie, vektorpotensiaal, siekte-oordrag en parasiet-gasheerverwantskappe van insekte van mediese en veeartsenykundige belang.

Na voltooiing van die module sal die student 'n grondige kennis hê van insekte van mediese en veeartsenykundige belang en die siektes wat hulle oordra. Die persoon sal in staat wees om as navorsings-assistant by 'n navorsingsinstituut te kan werk.

**ENT674 (16 krediete) – Forensiese Entomologie**
Hierdie module handel oor die gebruik van insekte in krimenele ondersoeke van misdaad, veral geweldsmisdaad, o.a. moord, strafbare manslag, selfmoord en die verwaarlosing van kinders en bejaardes.
Na voltooiing van die module sal die student 'n grondige kennis hê van insekte van forensies entomologiese belang en sal hy/sy in staat wees om die *post-mortem interval* van 'n lyk te bepaal. Die persoon sal in staat wees om as spanlid in 'n forensiese wetenskaplike ondersoekspan diens te lewer.

**ENT684 (16 krediete) – Plaagbestuur**
Na voltooiing van hierdie module het studente kundigheid verwerf ten opsigte van moderne benaderings rakende alle fasette van plaagbestuur op plante en diere.

**ENT692(32 krediete) –Skripsie**
Die Navorsingsprojek strek oor die hele jaar.
'n Mondelinge voordrag en 'n projekverslag word vereis.
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleem-identifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate. Self-standigheid en wetenskaplike insig wat hier gekweek word, bied geleenthede vir verdere nagraadse studie.

**XXX000 – Gevorderde aanverwante module**
Hierdie module word uit 'n toepaslike vakrigting buite Entomologie geselekteer en bied die geleentheid tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld van die student.

# Genetika (ingesluit Gedragsgenetika en Forensiese Genetika )

**GDF686 / GEN686 / GGS686 (24 krediete) – Navorsingstegnieke**
Voldag lesings en prakties vir gereëlde periodes in die eerste semester.
Deurlopende evaluering.
Logika, Wetenskaplike skryf tegnieke, Wetenskaplike aanbieding (konferensies – mondeling en plakkaat, persverklarings, TV/Radio onderhoude), Werk onderhoude, laboratorium apparaat (sentrifuge, verhittingsblokke, waterbaddens, pipette, outoklafering, vortex, PCR masjiene, pH-meter, magnetiese mengers en die NanoDrop) en veilige laboratorium prosedures. Studente moet chemikalieë kan voorberei, en tegnieke soos DNA ekstraksie, gel elektroforese en PCR reaksies kan opstel en uitvoer.
Die praktiese komponent van hierdie module is voorvereiste vir **GDF692 / GEN692 / GGS692**.
Na suksesvolle afhandeling van hierdie module behoort ‘n student:
a) Logika te kan toepas, asook die logika van die skryf van wetenskaplike artikels te kan evalueer,
b) ‘n wetenskaplike artikel te kan skryf en voordra by ‘n konferensie,
c) ‘n plakkaat te kan ontwerp en voordra by ‘n konferensie,
d) ‘n wetenskaplike artikel te kan skryf,
e) ‘n persverklaring te kan skryf en voordra,
f) ‘n TV/radio onderhoud te kan hanteer,
g) ‘n CV te kan saamstel, en ‘n werk onderhoud te kan hanteer,

h) Die regte statistiese maatstawwe en geassosieerde sagteware te kan gebruik om data te analiseer,
i) Kennis te hê van veilige laboratorium prosesse,
j) ‘n sentrifuge, verhittingsblokke, waterbad, pipette en die outoklaaf volgens die protokol te kan instel,
k) Programme op die verskillende PCR masjiene in die departement te kan skryf,
l) DNA kan ekstraheer vanuit verskillende bronne, dit te visualiseer op ‘n agarose gel, en dan ‘n geselekteerde deel te amplifiseer deur gebruik te maak van die korrekte primers en ‘n PCR reaksie.

**GDF692 / GEN692 / GGS692 (32 krediete) – Skripsie**

'n Navorsingsprojek wat oor die hele jaar strek word onder toesig van 'n studieleier gedoen. Die keuse van 'n onderwerp word in oorleg met die Departementele Voorsitter gedoen. Die resultate van die projek word in die vorm van 'n getikte wetenskaplike artikel vir eksaminering ingedien. 'n Voordrag van 15 minute met 5 minute vraetyd oor die navorsingsprojek word aan die einde van die tweede semester gelewer.

Die praktiese komponent van GDF686/GEN686/GGS686 moet suksesvol geslaag word voordat 'n student met hierdie module kan voortgaan.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort ’n student:

a) probleem-identifikasie,
b) hipotesestelling,
c) beplanning en uitvoering, van eksperimente,
d) analise en interpretasie van resultate,
e) Bespreking van die resultate,
f) Saamstel van die inligting volgens ‘n spesifieke formaat,
g) Tegniese aspekte van wetenskaplike skryf tegnieke,
h) Praktiese voordrag.

**GDF693 / GEN693 / GGS693 (16 krediete) – Navorsing: Literastuurstudie**

'n Oorsigsartikel word geskryf en voorgedra aan die einde van die eerste semester.

Die onderwerp van die oorsigsartikel moet verskil van dié van die navorsingsprojek en word in oorleg met die Departementele Voorsitter bepaal. Die oorsig sluit die soektog en assessering van die literatuur i.v.m. ‘n spesifieke onderwerp, in. Die organisering en integrering van inligting om tot by ‘n gevolgtrekking te kom. Die samestelling van die inligting volgens ‘n spesifieke formaat. Die tegniese aspekte van wetenskaplike skryf tegnieke en die praktiese voordrag.

Na voltooiing van hierdie module is die student:

a) onderleg in die ontsluiting van literatuur, rakende ‘n spesifieke onderwerp,
b) organisering van inligting,
c) gevolgtrekkings vanuit die literatuur,
d) die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat,
e) onderleg in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns.

**GEN614 (16 krediete) – Gevorderde sitogenetika**

Drie-uur besprekingsklas en ses uur prakties per week tydens die eerste semester.

Een vraestel van drie uur.

Chromosoom evolusie, sitotaksonomie, spesiasie.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort ’n student:

a) 'n sitotaksonomiese studie van 'n takson suksesvol te kan beplan, uitvoer en die resultate te kan interpreteer.

**GEN624 (16 krediete) – Rekombinante DNA tegnologie**

Drie-uur besprekingsklas en sesuur prakties per week tydens die eerste semester.

Een vraestel van drie uur.

Rekombinante DNA tegnologie verskaf 'n kragtige basis vir die bestudering van enige geenisolaat uit enige organisme. Hierdie tegnologie sentreer om die klonering van kernsuur fragmente (bv. DNA) in rekombinante vektore, soos vergemaklik deur die polimerase ketting reaksie (PCR). Die rekombinante vektore word vervolgens gebruik om bevoegde bakteriële selle te transformeer. Die nukleotiedvolgorde van die gekloneerde selle word bepaal. Hierdie module stel die basiese tegnieke en metodes bekend wat in rekombinante tegnologie gebruik word.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

a) Verskillende laboratorium tegnieke toe te pas om DNA en RNA uit selle en/of eukariotiese weefsel te ekstraeer,
b) Eksperimente te kan beplan en uitvoer om komlimentêre DNA (cDNA) te sintetiseer,
c) Eksperimente gebaseer op PCR te kan ontwerp, gebruik en evalueer,
d) Rekombinante DNA molekules te kan skep deur klonering van DNA fragmente in klonerings vektore,
e) Laboratorium handleidings te kan gebruik om rekombinante klonerings vektore in bakterieë in te bou
f) Gekloneerde DNA fragmente te kan analiseer en vergelyk deur nukleotiedvolgordes en verskeie rekenaargebaseerde volgorde analise programme te gebruik.

**GEN634 / GGS634 (16 krediete) – Gedragsgenetika**

Drie-uur besprekingsklas en sesuur prakties per week tydens die eerste semester.

Deurlopende evaluering.

Bepaling van oorerflikheid van gedrag, enkelgeen vs. poligeniese oorerwing, allelisme, pleiotropie, epistase; kwantitatiewe studies en analise; eksperimentele ontwerp..

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

a) 'n gedragsgenetiese studie te kan beplan en uitvoer,
b) faktore wat 'n bydrae tot die gedragspatroon lewer te kan identifiseer en oordeel
c) die basiese statistiese analise tot die gedragsgenetiese studie se kwantitatiewe data kan toepas.

**GEN644 (16 krediete) – Gevorderde molekulêre sistematiek**

Drie-uur besprekingsklas en ses uur prakties per week tydens die eerste semester.

Een vraestel van drie uur.

Genome, nukleotiedvolgordebepalings, mutasietempos, kladistiek, die gebruik van molekulêre data vir die bepaling van filogenetiese verwantskappe en ouerskap, identifisering van spesies, rekenaar-programme vir molekulêre analises.

Na suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student:

a) 'n molekulêr sistematiese studie te kan beplan, uitvoer en die resultate verwerk.

**GEN654 (16 krediete) – Toegepaste Bewaringsgenetika**

Drie-uur besprekingsklas en ses uur prakties per week tydens die tweede semester.

Deurlopende evaluering.

Die doel van hierdie kursus is om die genetiese prosesse in wilde en bekampte populasies op 'n praktiese manier te beskryf. Die fokus is op die gebruik van molekulêre merkers en gepaste statistiek of die diversiteit vlakke vas te stel, historiese bottelnekke te bepaal, drywing en differensiasie te meet, populasie struktuur te beskryf, hibridisering vas te stel en toekennings metodes te gebruik. Hierdie uit-komste word bereik deur die gebruik van gepaste sagteware soos Arlequin, GeneClass en MSToolkit.

Na die suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student in staat te wees om:

a) molekulêre data met verskeie rekenaarprogramme te analiseer,
b) die resultate toe te pas om so 'n bydrae te maak tot die bewaring van biodiversiteit en
c) die bydrae van genetika tot bewaring en ekologie te kan beskryf.

**GEN674 (16 krediete) – *Capita Selecta* Genetika**

Drie-uur besprekingsklas en ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
*Capita selecta* uit gevorderde aspekte van Genetika met die doel om kennis uit te brei oor die studiegebied in 'n opvoedkundige omgewing. Taakopdragte vorm 'n integrale deel van die module, beide vir die teorie en die praktika.

**GDF614 (16 krediete) – Forensiese DNA tipering en kwaliteitsversekering**
Drie-uur besprekingsklas en sesuur prakties per week tydens die eerste semester.
Een vraestel van drie uur.
Kwaliteit kontrole, kwaliteitsversekering en akkredditereing van ‘n Forensiese Laboratorium.
Na die voltooiing van hierdie module is 'n student instaat om:
a) analitiese metodes wat in DNA forensiese analise gebruik word te verstaan en vergelyk,
b) die bestuur en instnadhouding van ‘n forensiese laboratorium, gebasseer op kwaliteits-versekering, kwaliteit kontrole en akkreditasie riglyne, te evalueer.

**GDF624 (16 krediete) – Misdaadtoneel Ondersoeke**
Drie-uur besprekingsklas en **sesuur** prakties per week tydens die eerste semester.
Deurlopende evaluering.
Die prosedures wat gevolg moet word met die ondersoek van ŉ misdaadtoneel. Voorlopige toetse wat gedoen kan word by die misdaadtoneel vir die identifisering van biologiese materiaal (sluit in bloed, speeksel en semen monsters). Kettinggetuienis en die versameling van bewysstukke en verwysings-monsters word bespreek. Die samestelling van ŉ DNA verslag sowel as die lewer van getuienis in die hof vorm ook deel van hierdie module.
Na suksesvolle afhandeling van die module behoort ŉ student ŉ in staat te wees om:
a) Voorlopige toetse by ŉ misdaadtoneel te kan uitvoer
b) Die verskillende prosedures wat by ŉ misdaadtoneel kan plaasvind te beskryf.
c) Die bewyse wat by ŉ toneel gevind word te kan evalueer.
d) ŉ Forensiese verslag te kan saamstel wat by die hof ingedien kan word.
e) Resultate wat verkry is te verdedig en te verduidelik in ŉ hof.

**GDF634 (16 krediete) – Forensiese molekulêre statistiek**
Drie-uur besprekingsklas en sesuur prakties per week tydens die eerste semester.
Deurlopende evaluering.
Die organisering van molekulêre data vir verdere statistiese ontleding wat die algemene beskrywende statistiek insluit. Die vergelyking van individue en populasies deur gebruik te maak van populasie genetika teorieë. Bepaling van verwantskappe en ouerskap.
Na suksesvolle afhandeling van die module behoort ŉ student ŉ in staat te wees om:
a) Molekulêre data wat gegenereer is in die forensies laboratorium te kan analiseer en te interpreteer deur gebruik te maak van toepaslike statistiese beginsels en sagteware.
b) Identiteit en ouerskappe te bepaal deur gebruik te maak van DNA profiele.

**GDF644 (16 krediete) – *Capita Selecta* in Forensiese Genetika**
Drie-uur besprekingsklas en sesuur prakties per week tydens die eerste semester.
Een eksamenvraestel van drie ure lank.
*Capita Selecta* van gevorderde aspekte van Forensiese Genetika met die uitkyk om die kennis van die onderwerp uitgebrei word in hierdie module aangebied. Opdragte vorm ŉ belangrike deel van hierdie module vir beide die teorie en die praktiese werk.

**XXX000 – Gevorderde gespesialiseerde kursus**
'n Samestelling van gevorderde kursusse of onderwerpe uit Genetika, of 'n Honneurskursus uit 'n toepaslike vakrigting, wat kan lei tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld.

# Limnologie

**PWS614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke**
Voldag lesings en prakties vir die eerste drie weke van die Honneursstudie.
Mondelinge eksamen na voltooiing van module.
Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede.

**LIM693 (24 krediete) – Navorsing: Literatuurstudie**
Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook 'n voordrag daaroor.
Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns.

**LIM692 (32 krediete) – Skripsie**
Die navorsingsprojek strek oor die hele jaar.
'n Mondelingse voordrag en 'n projekverslag word vereis.
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleem-identifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate.

**PLK654 (16 krediete) – Limnobotanie**
Kyk by Plantkunde

**MOB614 (16 krediete) – Waterhulpbronbestuur**
Kyk by Omgewingsbestuur

**DRK674 (16 krediete)– Akwatiese Parasitologie**
Kyk by Dierkunde

**DRK622 (8 krediete) – Kwantitatiewe Ekologie**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en na voltooiing daarvan is studente onderleg in die meetbaarheid van die biotiese komponente van 'n ekosisteem. Assessering deur geskrewe en mondelinge take.

**DRK642 (8 krediete) – Die Omgewing**
Hierdie module sal gesamentlik deur dosente van Dierkunde en Entomologie en Omgewingsbestuur aangebied word en onderlê studente in die nuutste ontwikkelings aangaande die volhoubaarheid van die omgewing en die rol wat die mens daarin speel. Assessering deur geskrewe en mondelinge take.

**GIS616 (24 krediete) – Geografiese Inligtingstelsels (Intermediêr)**
Kyk by Geografie

**PLK614 (16 krediete) – Plantekologie**
Kyk by Plantkunde

**LIM694 (16 krediete) – Gevorderde aanverwante module**
'n Samestelling van gevorderde modules of onderwerpe uit [Plantkunde, of] 'n Honneursmodule uit 'n toepaslike vakrigting, wat kan lei tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld.

# Mikrobiese Biotegnologie

**BTG614 (16 krediete) – Gevorderde tegnieke in biotegnologie**
Navorsingstegnieke in Mikrobiologie: hantering en preservering van mikroörganismes, biorektor-kweking van mikroörganismes, chromatografiese, spektroskopiese en ander analitiese tegnieke vir die ontleding van mikrobiese produkte, dataverwerking.

**BTG622 (8 krediete) – Mondeling eksamen oor teorie en praktika**
Die mondelinge eksamen word in November afgelê. 'n Paneel bestaande uit dosente van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie, en wat 'n eksterne eksaminator insluit, word vir die doel saamgestel. Daar word van studente verwag om vrae te beantwoord oor aspekte van die toepaslike Biochemie, Biotegnologie en Mikrobiologie Honneurskursus.

**BTG634 (16 krediete) – Kontinue en lotkultuurkweking van mikroörganismes**
Groeikinetika van lotkulture. Suurstof as substraat: volumetriese suurstofoordragkoëffisiënt; kritiese konsentrasie opgeloste suurstof. Chemostaat-teorie: materiaalbalanse; Monod-model; outoregulering; bepaling van die kinetiese en stoichiometriese parameters. Afwykings van die Monod-model: instandhoudingsenergie; dubbelsubstraatbeperkte groei; groei op mengsels van koolstofsubstrate. Effek van groeisnelheid op selsamestelling en -grootte. Produkvorming: kinetika; effek van omgewingsfaktore. Komplekse chemostaatsisteme en toepassings. Kinetika van gevoerde-lotkulture. Graad van reduksie- en koolstofbalanse.

**BTG693 (24 krediete) – Navorsing: Literatuurstudie**
Studente doen literatuurnavorsing oor 'n onderwerp wat aan hulle voorsien word in die eerste semester deur 'n dosent wat as hulle mentor optree. 'n Literatuurverslag word oor die onderwerp geskryf, en dit word ook mondelings aangebied as 'n referaat. Die skriftelike deel van die module word deur die mentor asook deur die eksterne eksaminator vir die module beoordeel, en syfers toegeken deur beide soos aan studente uiteengesit.

**BTG692 (32 krediete) – Skripsie**
Studente doen 'n navorsingsprojek in die tweede semester oor 'n onderwerp wat aan hulle voorsien word in die eerste semester deur 'n dosent wat as hulle mentor optree, in samewerking met die Departementele Voorsitter. 'n Verslag word oor die resultate geskryf, en dit word ook mondelings aangebied as 'n referaat. Die skriftelike deel van die module word deur die mentor asook deur die eksterne eksaminator vir die module beoordeel, en syfers toegeken deur beide soos aan studente uiteengesit.

Kyk Mikrobiologie sillabus vir die inhoud van ander modules voorgeskryf in die Mikrobiese Biotegnologie sillabus.

# Mikrobiologie

**MKB614 (16 krediete) – Gevorderde tegnieke in Mikrobiologie**
Navorsingstegnieke in Mikrobiologie: hantering en preservering van mikroörganismes, serologiese tegnieke, chromatografiese, spektroskopiese en ander analitiese tegnieke vir die ontleding van mikrobiese produkte, dataverwerking.

**MKB634 (16 krediete) – Mikrobiese diversiteit**
**Giste**: Identifikasie van giste soos benodig vir kwaliteitsversekering in die brou- en wynbedryf. Gistaksonomie.

**Skimmels**: Ekologiese begrippe in mikologie, endofiete, ekologiese opeenvolging, paringstipes en vegetatiewe-verenigbaarheid. Taksonomie, versameling, bewaring en beskrywing van fungi. Mikologiese tegnieke en gebruik van identifikasie sleutels.
**Bakterieë:** Bakteriese nomenklatuur en klassifikasie. Numeriese taksonomie. Serologie en chemotaksonomie. Nukleïensure in bakteriese klassifikasie. Putatiewe prokariotiese taksa. Polifasiese taksonomie. Chemiese ekologie.
Virusse: Praktiese aspekte van die propagering van virusse en die gebruik van PKR vir die identifikasie van virusse.

**MKB654 (16 krediete) – Toegepaste mikrobiese fisiologie**
**Voedselmikrobiologie**: Fisiologie van voedselbederwende mikroörganismes. Die gebruik van mikroörganismes vir biologiese beheer. Voedselbederf en die voorkoming daarvan. Mikotoksiene. Die aanwending van mikroörganismes in die voedselbedryf.
**Mikrobiese produkvorming**: Beginsels en toepassing van fermentatiewe metabolisme. Metaboliese regulering en die implikasies daarvan vir mikrobiese produkvorming. Nywerheidsprosesse wat gebaseer is op mikrobiese fisiologiese aktiwiteite.

**MKB674 (16 krediete) – Gevorderde molekulêre biologie**
Die lees en interpretasie van molekulêre biologiese publikasies, wat gepaardgaan met 'n voordrag oor 'n huidige molekulêre biologiese onderwerp. Die gebruik van gevorderde molekulêre biologiese tegnieke asook onderrig in rekenaargebruik wat verband hou met die ontleding van DNA inligting. Daar sal ook van die studente verwag word om selfstudie te doen oor geselekteerde onderwerpe wat verband hou met molekulêre biologie.

**MKB622 (8 krediete) – Mondelinge eksamen oor teorie en praktika**
Die mondelinge eksamen word in November afgelê. 'n Paneel bestaande uit dosente van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie, en wat 'n eksterne eksaminator insluit, word vir die doel saamgestel. Daar word van studente verwag om vrae te beantwoord oor Mikrobiologie in die algemeen, en is nie beperk tot eksaminering van voltooide kursusinhoude nie.

**MKB693(24 krediete) –Navorsing: Literatuurstudie**
Studente doen literatuurnavorsing oor 'n onderwerp wat aan hulle voorsien word in die eerste semester deur 'n dosent wat as hulle mentor optree. 'n Literatuurverslag word oor die onderwerp geskryf, en dit word ook mondelings aangebied as 'n referaat. Die skriftelike deel van die module word deur die mentor asook deur die eksterne eksaminator vir die module beoordeel, en syfers toegeken deur beide soos aan studente uiteengesit.

**MKB692(32 krediete) –Skripsie**
Studente doen 'n navorsingsprojek oor 'n onderwerp wat aan hulle voorsien word in die eerste semester deur 'n dosent wat as hulle mentor optree, in samewerking met die Departementele Voorsitter. 'n Verslag word oor die resultate geskryf, en dit word ook mondelings aangebied as 'n referaat. Die skriftelike deel van die module word deur die mentor asook deur die eksterne eksaminator vir die module beoordeel, en punte toegeken deur beide soos aan studente uiteengesit.

**BTG614 (16 krediete) –Gevorderde tegnieke in biotegnologie**
Navorsingstegnieke in Mikrobiologie: hantering en preservering van mikroörganismes, biorektorkweking van mikroörganismes, chromatografiese, spektroskopiese en ander analitiese tegnieke vir die ontleding van mikrobiese produkte, dataverwerking.

**BTG634 (16 krediete) – Kontinue en lotkultuurkweking van mikroörganismes**
Groeikinetika van lotkulture. Suurstof as substraat: volumetriese suurstofoordragkoëffisiënt; kritiese konsentrasie opgeloste suurstof. Chemostaat-teorie: materiaalbalanse; Monod-model; outoregulering; bepaling van die kinetiese en stoichiometriese parameters. Afwykings van die Monod-model: instandhoudingsenergie; dubbelsubstraatbeperkte groei; groei op mengsels van koolstofsubstrate. Effek van groeisnelheid op selsamestelling en -grootte. Produkvorming: kinetika; effek van

omgewingsfaktore. Komplekse chemostaatsisteme en toepassings. Kinetika van gevoerde-lotkulture. Graad van reduksie- en koolstofbalanse.

# Omgewingsbestuur

**MOB614 (16 krediete) – Waterhulpbronbestuur**
Inleiding tot die beginsels en protokolle van akwatiese hulpbronbestuur, wat hoofsaaklik met die funksionele ekologie van waterliggame verband hou. Klem word op die biomoniteringsprotokolle van die River Health Program gelê. Biologiese indeks sal gedek word. Die identifisering en ekologie van veral dieregemeenskappe sal ondersoek word. Hierdie is 'n praktiese- en tutoriaalgebaseerde kursus, wat moontlik as 'n intensiewe studieblok aangebied mag word.
*Dit word van die klas verwag om tutoriale en praktika, waarvoor voorbereiding verwag sal word, by te woon.*
*Assessering word deur middel van praktiese werk, een geskrewe taak, een mondeling taak en een drie-uur eksamen gedoen.*

# Plantgesondheid

**PWS614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke**
Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede soos van toepassingop plantbiologie. By voltooiing van die module sal die student oor kennis beskik om sekere laboatoriumvaardighede van toepassing in plantbiologie te kan beoefen.

**PPG693(24 krediete) –Navorsing: Literatuurstudie**
Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook voordragte oor geselekteerde plantpatologiese artikels. Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inliting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelingse kommunikasie-vermoëns.

**PPG692(32 krediete) –Skripsie**
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleemidentifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate.

**PPG614 (16 krediete) – Ekologie en biologie van siekteorganismes**
Na voltooiing van hierdie module is die student vertroud met verskillende siekteveroorsakende organismes op plante. Hul rol in die omgewing en biologiese siklusse, insluitend infeksie, voortplanting, verspreiding en oorlewing van fungi, bakterieë en virusse, sal veral aandag geniet.

**PLK614 (16 krediete) – Plantekologie**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
Die aard en kwantitatiewe plantekologie en plantgroeiwetenskap, die beskrywing van plantegroei in die veld, die aard en eienskappe van plantegroeidata, basiese statistiese analise van plantegroei en omgewingsdata, ordeningsmetodes, fitososiologie en die Zürich-Montpellier skool vian subjektiewe klassifikasie, numeriese klassifikasie en fitososiologie, rekenaarprogramme vir plantegroei en omgewingsdata, kwantitatiewe plantekologie, plantegroeiwetenskap en die toekoms, toepassings in Suid-Afrikaanse situasie. Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om toepaslike plantopnametegnieke en dataverwerkingsmetodes in plantekologie te kan uitvoer.

**PLK664 (16 krediete) – Plantdiversiteit en taksonomie van hoër plante**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.

Oorsprong van blomplante, plantbou en taksonomie, blomverskeidenheid en bestuiwers, bronne van taksonomiese getuienis, klassifikasie van blomplante, nomenklatuur, kladistiese ontleding en herbariumbestuur.
Na voltooiing van die module sal 'n student blomplante kan identifiseer en klassifiseer, kennis dra van taksonomiese literatuur en die gebruik daarvan, basiese taksonomiese beginsels kan toepas t.o.v. beskrywing en nomenklatuur van plantsoorte, vertroud wees met die funksionering, basiese bestuur en gebruik van 'n herbarium.

**ENT654 (16 krediete) – Plant Interaksies**
Na voltooiing van hierdie module is studente vertroud met die nou assosiasie wat daar tussen plant-voedende insekte en hul gasheerplante bestaan. Kennis hiervan het 'n beduidende toepassings-waarde in ondersoeke waar natuurlike plantegroei en aangeplante plante ter sprake is.

# Plantkunde

**PWS614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke**
Voldag lesings en prakties vir die eerste drie weke van die Honneurssstudie.
‘n Mondelinge of skriftelike eksamen sal na voltooiing van die module afgelê word.
Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede soos van toepassing op plantbiologie.
Na voltooiing van die module sal die student oor kennis beskik om sekere tegnieke en laboratorium-vaardighede van toepassing in die plantbiologie te kan beoefen.

**PLK693(24 krediete) –Navorsing: Literatuurstudie**
Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook 'n voordrag daaroor.
Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns.

**PLK692(32 krediete) –Skripsie**
Die navorsingsprojek strek oor die hele jaar.
'n Mondelingse voordrag en 'n projekverslag word vereis.
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier.
Na voltooiing van die module is die student onderleg in probleem-identifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate.

**PLK614 (16 krediete) – Plantekologie**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
Die aard van kwantitatiewe plantekologie en plantegroeiwetenskap, die beskrywing van plantegroei in die veld, die aard en eienskappe van plantegroeidata, basiese statistiese analise van plantegroei en omgewingsdata, ordeningsmetodes, fitososiologie en die Zürich-Montpellier skool van subjektiewe klassifikasie, numeriese klassifikasie en fitososiologie, rekenaarprogramme vir plantegroei en omgewingsdata, kwantitatiewe plantekologie, plantegroeiwetenskap en die toekoms, toepassings in Suid-Afrikaanse situasie.
Na suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om toepaslike plant-opnametegnieke en dataverwerkingsmetodes in plantekologie te kan uitvoer.

**PLK624 (16 krediete) –Plantfisiologie I (Metabolisme en groei)**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.

a) Mitochondriale elektronvervoer in plante: - sianiedsensitiewe elektronoordrag, alternatiewe oksidase-weg, rotenoon nie-sensitiewe kompleks, eksogene NADH odsidase-weg en oksidatiewe fosforilering.
b) Sekondêre metabolisme i.t.v. lipiedmobilisering in plante.
c) Hidroponika as alternatiewe plantverbouings- en navorsingstegniek: - stelsels, belang van verskillende voedingstofsamestellings, sterilisering, pH, geleiding, pesbeheer, ens. Hidroponika versus organiese versus konvensionele verbouingspraktyke.

Na voltooiing van die module sal die student toegerus wees om navorsing rakende respiratoriese- en lipiedmetabolisme in plante uit te voer. Voorts sal die student plante hidroponies kan verbou en hidroponika as navorsingstegniek in plantfisiologie kan aanwend.

**PLK634 (16 krediete) – Plant molekulêre sistematiek**
Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die eerste semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Tydens hierdie module word filogenetiese sistematiek bestudeer waar die doel is om die evolusionêre geskiedenis van ‘n plantgroep te rekonstrueer. Die beginsels van filogenie sal bestudeer word deur verskillende filogenetiese metodes soos Parsimonie, Maksimum Waarskynlikheid en Bayesian Inference, asook die geskiktheid van ‘n karakter (CI, RI, HI) en die ondersteuning van klades (Bootstrap, Decay) te bespreek. Studente sal verder datastelle kan gebruik om ‘n filogram/kladogram saam te stel. Laastens sal praktiese aspekte soos DNA ekstraksie, PCR, nukleotiedvolgordebepaling en gel elektroforese ook aandag geniet.
Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die student in staat wees om:

a) ‘n filogenetiese studie te beplan en uit te voer;
b) praktiese eksperimente soos DNA ekstraksie, PCR en gel-elektroforese te kan doen;
c) filogenieë/kladogramme met die verskillende filogenetiese metodes saam te kan stel.

**PLK644 (16 krediete) –Plantfisiologie II (Plantverdediging en toepassings)**
Drie uur bespekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
Die plant se verdedigingsmeganismes i.v.m. weerstand teen biotiese stresfaktore soos beskadiging, insekte en patogene. Weerstand en vatbaarheid word in terme van verdedigingsreaksies verklaar. Konstitutiewe versus geïnduseerde weerstandsmeganismes, elisiterings- en seintransduksie-meganismes, sekondêre verdedigingsreaksies, plantaktiveerders, manipulering van weerstand, verband met nuwe alternatiewe en baie opwindende aanwendings van plante.
Na voltooiing van die module sal die student toegerus wees om innoverend betrokke te raak by die manipulering van weerstand in plante.

**PLK654 (16 krediete) – Ekofisiologie**
‘n Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die eerste semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Aardverwarming hou ‘n toekomstige bedreiging vir bestaande ekosisteme op aarde in. Tydens die module sal die oorsake van aardverwarming, asook die verwagte impakte wat dit in die toekoms sal hê, in detail bespreek word. Tans word verskillende oplossings om aardverwarming teë te werk voorgestel, waarvan die binding van koolstof deur plante een metode is. Die voordele, moontlike sukses en toekomstige implimentering van hierdie planne sal ondersoek en evalueer word.
Na die suksesvolle voltooiing van die module, moet die student in staat wees om

a) die oorsake, bedreigings en geassosieerde probleme van aardverwarming, verstaan en kan beskryf;
b) die natuurlike vermoë van plante om koolstof te bind, verstaan en kan beskryf;
c) die nuwe en innoverende planne om aardverwarming teë te werk, verstaan en kan beskryf.

**PLK664 (16 krediete) – Plantdiversiteit en taksonomie van hoër plante**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
Oorsprong van blomplante, plantbou en taksonomie, blomverskeidenheid en bestuiwers, bronne van taksonomiese getuienis, klassifikasie van blomplante, nomenklatuur, kladistiese ontleding en herbaruimbestuur.
Na voltooiing van die module sal 'n student blomplante kan identifiseer en klassifiseer, kennis dra van taksonomiese literatuur en die gebruik daarvan, basiese taksonomiese beginsels kan toepas t.o.v. beskrywing en nomenklatuur van plantsoorte, vertroud wees met die funksionering, basiese bestuur en gebruik van 'n herbarium.

**PLK674 (16 krediete) – Plantmolekulêre toepassings**
Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die eerste semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Die reaksie van plante tydens beide biotiese en abiotiese stres is geweldig kompleks. Deur ‘n relevante voorbeeld te gebruik, sal ‘n wye verskeidenheid molekulêre tegnieke wat gebruik is vir die bestudering van die verdedigingsreaksie, bespreek word. Daar sal ook aandag gegee word aan die produksie van transgeniese plante en die impak wat dit gehad het op die verbetering van die weerstandsreaksie van plante teen stres.
Na die suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student
a) al die molekulêre tegnieke wat bespreek is, in detail kan beskryf;
b) te verstaan hoe elke tegniek bygedra het tot ons verstaan van die stres-respons;
c) ‘n navorsingsartikel waar die tegnieke gebruik is, gedurende die eksamen krities kan evalueer.

**PLK684 (16 krediete) – Plant analitiese biochemie**
Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die tweede semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Baie navorsing word tans gedoen op die gebruik van plantverbindings in beide die farmaseutiese en landboukundige sektore. Tydens die module sal die ekstraksie en suiwering van verskillende plant verbindings bespreek word asook die bepaling van hul bio-aktiwiteite. Verskeie tegnieke wat gebruik word om plant verbindings te suiwer en karakteriseer, sal bespreek word.
Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die student in staat wees om:
a) beide polêre en nie-polêre verbindings uit plante te ekstraheer;
b) plantverbindings te suiwer en te identifiseer;
c) die biologiese aktiwiteite van gesuiwerde verbindings met behulp van bio-toetse te bepaal.

**PLK604 (16 krediete) –*Capita Selecta***
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
*Capita Selecta* uit aspekte van Plantkunde wat tot ‘n sinvolle aanvulling van die studieveld kan lei.

**XXX000 – Gevorderde gespesialiseerde module**
'n Samestelling van gevorderde modules of onderwerpe uit Plantkunde, of 'n Honneursmodule uit 'n toepaslike vakrigting, wat kan lei tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld.

# Plantmolekulêre Biologie

**PWS614 (16 krediete) – Navorsingstegnieke**
Voldag lesings en prakties vir die eerste drie weke van die Honneursstudie.
‘n Mondelinge of skriftelike eksamen sal na voltooiing van die module afgelê word.
Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede soos van toepassing op plantbiologie.
Na voltooiing van die module sal die student oor kennis beskik om sekere tegnieke en laboratorium-vaardighede van toepassing in die plantbiologie te kan beoefen.

**PLK693(24 krediete) –Navorsing: Literatuurstudie**
Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook 'n voordrag daaroor.
Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns.

**PLK692(32 krediete) –Skripsie**
Die navorsingsprojek strek oor die hele jaar.
'n Mondelingse voordrag en 'n projekverslag word vereis.
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier.
Na voltooiing van die module is die student onderleg in probleem-identifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate.

**PLK624 (16 krediete) –Plantfisiologie I (Metabolisme en groei)**
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.

a) Mitochondriale elektronvervoer in plante: - sianiedsensitiewe elektronoordrag, alternatiewe oksidase-weg, rotenoon nie-sensitiewe kompleks, eksogene NADH odsidase-weg en oksidatiewe fosforilering.
b) Sekondêre metabolisme i.t.v. lipiedmobilisering in plante.
c) Hidroponika as alternatiewe plantverbouings- en navorsingstegniek: - stelsels, belang van verskillende voedingstofsamestellings, sterilisering, pH, geleiding, pesbeheer, ens. Hidroponika versus organiese versus konvensionele verbouingspraktyke.

Na voltooiing van die module sal die student toegerus wees om navorsing rakende respiratoriese- en lipiedmetabolisme in plante uit te voer. Voorts sal die student plante hidroponies kan verbou en hidroponika as navorsingstegniek in plantfisiologie kan aanwend.

**PLK644 (16 krediete) – Plantfisiologie II (Plantverdediging en toepassings)**
Drie uur bespekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
Die plant se verdedigingsmeganismes i.v.m. weerstand teen biotiese stresfaktore soos beskadiging, insekte en patogene. Weerstand en vatbaarheid word in terme van verdedigingsreaksies verklaar. Konstitutiewe versus geïnduseerde weerstandsmeganismes, elisiterings- en seintransduksie-meganismes, sekondêre verdedigingsreaksies, plantaktiveerders, manipulering van weerstand, verband met nuwe alternatiewe en baie opwindende aanwendings van plante.
Na voltooiing van die module sal die student toegerus wees om innoverend betrokke te raak by die manipulering van weerstand in plante.

**PLK674(16 krediete) – Plantmolekulêre toepassings**
Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die eerste semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Die reaksie van plante tydens beide biotiese en abiotiese stres is geweldig kompleks. Deur ‘n relevante voorbeeld te gebruik, sal ‘n wye verskeidenheid molekulêre tegnieke wat gebruik is vir die bestudering van die verdedigingsreaksie, bespreek word. Daar sal ook aandag gegee word aan die

produksie van transgeniese plante en die impak wat dit gehad het op die verbetering van die weerstandsreaksie van plante teen stres.
Na die suksesvolle afhandeling van die module behoort 'n student
a) al die molekulêre tegnieke wat bespreek is, in detail kan beskryf;
b) te verstaan hoe elke tegniek bygedra het tot ons verstaan van die stres-respons;
c) ‘n navorsingsartikel waar die tegnieke gebruik is, gedurende die eksamen krities kan evalueer.

**PLK684 (16 krediete) – Plant analitiese biochemie**
Drie uur besprekingsklas en die ekwivalent van ‘n ses uur prakties per week tydens die tweede semester.
Een eksamenvraestel van drie uur.
Baie navorsing word tans gedoen op die gebruik van plantverbindings in beide die farmaseutiese en landboukundige sektore. Tydens die module sal die ekstraksie en suiwering van verskillende plant verbindings bespreek word asook die bepaling van hul bio-aktiwiteite. Verskeie tegnieke wat gebruik word om plant verbindings te suiwer en karakteriseer, sal bespreek word.
Na suksesvolle voltooiing van die module, moet die student in staat wees om:
a) beide polêre en nie-polêre verbindings uit plante te ekstraheer;
b) plantverbindings te suiwer en te identifiseer;
c) die biologiese aktiwiteite van gesuiwerde verbindings met behulp van bio-toetse te bepaal.

**PLK694 (16 krediete) – Planttransformering**
Drie-uur besprekingsklas en ses uur prakties per week tydens die tweede kwartaal.
Een vraestel van drie uur.
Tydens die kursus sal die nuutste ontwikkelings in planttransformasie hanteer word: transformeringsvektore, seleksiegene, merkergene, promotorgebiede, *Agrobacterium* afhanklike transformering, mikroprojektielbombardering, elektroporering, ooruiting en "antisense" tegnologie, die analise van transgeniese plante, die gebruike en toepassings van geenoordraging.
Na die suksesvolle afhandeling van die kursus behoort die student die algehele beginsels van planttransformering te ken, elke individuele metode te kan beskryf en ook die toepaslikheid van die tegnologie in 'n bepaalde navorsingsartikel te kan beskryf.

**PLK604 (16 krediete) – *Capita Selecta***
Drie uur besprekingsklas en ekwivalent van ses uur prakties per week.
Een vraestel van drie uur.
*Capita Selecta* uit aspekte van Plantkunde wat kan lei tot ‘n sinvolle aanvulling van die studieveld.

**XXX000 – Gevorderde gespesialiseerde module**
'n Samestelling van gevorderde modules of onderwerpe uit Plantkunde, of 'n Honneursmodule uit 'n toepaslike vakrigting, wat kan lei tot 'n sinvolle aanvulling van die studieveld.

# Statistiek

**SILLABUS VIR BScHONS (GEOHIDROLOGIE)**

**GHR628 (32 krediete) – Statistiese Analises**
Matriksbewerkings. Meervoudige regressie en korrelasie. Variansie-analise. Tydreekse. Markov-modelle. Simulasiemodelle van hidrologiese data. Praktiese werk.

# Bylae A: Oorgangsregulasies

| Vorige kursus | Nuwe module |
|---|---|
| CEM601 | CEM614 en CEM624(Anorganiese Chemie) |
| CEM602 | CEM654 en CEM664(Organiese Chemie) |
| CEM603 | CEM634 en CEM644(Fisiese Chemie) |
| CEM604 | CEM674 en CEM684(Analitiese Chemie) |
| CEM691 | Praktika in CEM614 en CEM624 |
| CEM692 | Praktika in CEM654 en CEM664 |
| CEM694 | Praktika in CEM634 en CEM644 |
| GLG683 | GLG653 |

# NAGRAADSE PROGRAMME IN LANDBOU

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende grade in die Fakulteit toegeken word:

| Graad | Minimum tydperk van studie | Studiekode | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **Honneursgrade** | | | |
| Baccalaureus Scientiae Agriculturae Honores | 1 jaar | | |
| a) Agronomie –BScAgricHons | | 5515 | 62 |
| b) Grondkunde –BScAgricHons | | 5516 | 64 |
| c) Landbou-ekonomie –BScAgricHons | | 5517 | 66 |
| d) Landbouweerkunde –BScAgricHons | | 5518 | 69 |
| e) Planteteelt - BSc Agric Hons | | 5519 | 71 |
| f) Plantpatologie –BScAgricHons | | 5520 | 72 |
| g) Veekunde –BScAgricHons | | 5521 | 73 |
| h) Voedselwetenskap – BScAgric Hons | | 5522 | 75 |
| i) Weidingkunde –BScAgricHons | | 5523 | 77 |
| j) Besproeiingskunde –BScAgricHons | | 5524 | 79 |
| Baccalaureus Agriculturae Honores | 1 jaar | | |
| a) Spesialisasie in Landboubestuur | | 5531 | 81 |
| b) Spesialisasie in Besproeiingsbestuur | | 5532 | 83 |
| c) Spesialisasie in Natuurlewebestuur | | 5533 | 84 |
| **Magistergrade** | | | |
| Magister Scientiae Agriculturae (MScAgric.) | 1 jaar | 5722/23 | 85 |
| Magister in Volhoubare Landbou (M.V.L.) | 2 jaar | 5710 | 87 |
| Magister in Rampbestuur (M.Rampbestuur) | 2 jaar | 5703 | 92 |
| Magister Agriculturae (M.Agric.) | 1 jaar | 5725/26 | 95 |
| **Doktorsgrade** | | | |
| Philosophiae Doctor (PhD) | 2 jaar | 5910 | 97 |
| Doctor Scientiae (D.Sc.) | Kyk regulasies | 5920 | 98 |

Die BScAgricHons-graad kan in die volgende studierigtings behaal word:

Agronomie, Besproeiingskunde, Grondkunde, Hortologie, Landbou-ekonomie, Landbouweerkunde, Planteteelt, Plantpatologie, Veekunde, Voedselwetenskap en Weidingkunde.

Die B.Agric.Hons-graad wat interdissiplinêr aangebied word, kan in die volgende studierigtings behaal word:

Besproeiingsbestuur wat deur die Departement Grond-, Gewas- en Klimaatwetenskappe gekoördineer word, Landboubestuur wat deur die Departement Landbou-ekonomie gekoördineer word en Natuurlewebestuur wat deur die Departement Vee-, Wild en Weidingkunde gekoördineer word.

# Honneursgrade (NKR vlak 8)

**BACCALAUREUS SCIENTIAE AGRICULTURAE HONORES BScAgricHons**

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die doelstellings met dié graadstudie is om die student:
(a) die geleentheid te bied om sy/haar vakkennis te verbreed met die oog op navorsing en voorligting;
(b) voor te berei vir verdere nagraadse studie;
(c) te lei in selfstandige brongebaseerde leer; en
(d) verder te onderrig in die versameling, sistematisering, interpretasie en opskryf van vakliteratuur en die oordra daarvan.

**Modulekodes**
Daar moet daarop gelet word dat die numeriese gedeelte van die modulekode vir Honneursmodules nie dieselfde betekenis het as vir voorgraadse modules nie. Die alfabetiese gedeelte dui die spesifieke vaknaam aan. Die syfer 6 dui aan dat dit 'n Honneursmodule is, terwyl die tweede en derde syfers slegs aan die betrokke onderwerp gekoppel is. Daar moet dus in oorleg met die betrokke Departementele Voorsitter bepaal word op watter tydstip eksamen in 'n spesifieke module afgelê sal word.

Wanneer die tweede syfer egter 'n 9 is, verwys dit na 'n seminaar/skripsie/werkstuk.

**REGULASIES**

**Let Wel**: Die algemene regulasies ten opsigte van Honneursgrade (Algemene Regulasies A55 tot A78) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

**Reg. H14 - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A56.
(b) Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die Departementele Voorsitter.
(c) Die Departementele Voorsitter kan, op aanbeveling van die Dekaan, aan 'n verdienstelike kandidaat met 'n BSc-graad met die vereiste hoofvakke, toestemming verleen om nagraadse opleiding in Landbou te ontvang. So 'n kandidaat skryf in vir BScAgricHons waartydens voorgeskrewe Honneursmodules sowel as sekere bykomende voorgraadse Landboumodules in oorleg met die Departementele Voorsitter aangebied kan word.
(d) Hoofvakke Agronomie, Grondkunde, Hortologie, Landbouweerkunde en Weidingkunde onderskeidelik lei, benewens na-graadse studie in die betrokke hoofvak, ook tot die interdepartementele Honneursstudie in Besproeiingskunde.
(e) Verdienstelike kandidate wat ‘n B.Agric.-graad volgens die Regulasies van die 2000 Jaarboek verwerf het, kan op aanbeveling van die Fakulteitsraad deur die Uitvoerende Bestuur tot die BScAgricHons-graad toegelaat word. So ‘n kandidaat skryf vir die BScAgricHons-graad oor 2 jaar in waartydens die finale jaar hoofvakmodules waarvoor hy/sy kwalifiseer plus die voorgeskrewe Honneurs modules in oorleg met die Departementele Voorsitter aangebied moet word.

**Reg. H15 - Semester- en jaarsyfers en slaagvereistes**

(a) Kyk Algemene Regulasie A65.
(b) Geen jaarsyfer of semestersyfer om toelating tot 'n eksamen in Honneursmodules word in hierdie fakulteit vereis nie.

**Reg. H16 - Verpligte modules**

Benewens die bepalinge van Algemene Regulasie A56(b) moet 'n student ook bewys lewer datdie Landboudatametriemodules DMT214 en DMT224 suksesvol voltooi is vóór toekenning van die graad, met dien verstande:
(a) dat studente wat in 1987 of vroeër in die modules BMT218 en BMT228 geslaag het, hiervan vrygestel word; en
(b) dat studente wat oor toepaslike modules in Wiskundige Statistiek en/of Rekenaargebruik beskik, of Landbou-ekonomie as hoofvak geneem het, deur die Dekaan hiervan vrygestel kan word.

**Reg. H17 - Leerprogramme vir die BScAgricHons-graad**

**Let Wel**: Modules moet in oorleg met die betrokke Departementele Voorsitter gekies word.

**(a) AGRONOMIE –BScAgricHons-Studiekode 5515 (120 krediete)**

Die graad word toegeken in die rigtings van gewasproduksie, groenteproduksie of vrugteproduksie.Om aan die vereistes van die graad te voldoen moet ‘n student die volgende modules slaag:AGR615, AGR625, AGR635, AGR645, AGR693 en AGR695 vir gewasproduksie; AGR615, AGR635, HRT625, HRT645, HRT693 en HRT695 vir groenteproduksie; AGR615, AGR635, HRT625, HRT665, HRT693 en HRT695 vir vrugteproduksie. Een van die modules, behalwe AGR693, AGR695, HRT693 en HRT695, kan in oorleg met die Departementele Voorsitter met ‘n toepaslike honneurs-module uit ‘n ander dissipline vervang word. ‘n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van AGR615, AGR625, AGR635 AGR645, HRT625, HRT645 en HRT665 beantwoord word.

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **AGR615** | 20 | **Gewas- en stremmingsfisiologie**<br>Na voltooiing van die module sal studente hulle kritiese lees vaardighede ontwikkel het, en in staat wees om simptome van stremming by gewasse in verband te bring met fisiologiese en biochemiese meganismes. In die gewasfisiologie afdeling sal studente ‘n hoë vlak van insig ontwikkel van die fisiologiese beginsels van droëland gewasproduksie, asook die moontlikhede van die manipulering van fisiologiese en biochemiese prosesse om opbrengste te verbeter. Die stremmingsfisiologie gedeelte van die module sal studente in staat stel om die effek van klimaatsverandering op voedselproduksie te verstaan, en ‘n dieper insig kry van hoe plante reageer op verskillende stremmings wat deur die omgewing en verbouingspraktyke daar gestel word. |
| **AGR625** | 20 | **Plantvoeding**<br>In die module word die student aan klassifikasiestelsels van plantvoedingstowwe bekend gestel.Die student sal kennis en insig oor geselekteerde plantvoedingstowwe se voorsiening, opname en fisiologiese funksies in gewasmanipulering opdoen.Voedingstof-behoeftes van gewasse, waarde en interpretasie van plant- en grondontledings, toediening van voedingstowwe deur anorganiese en organiese bemesting is deel van die holistiese benadering tot |

plantvoeding.Na voltooiing van die module sal die student in staatwees om 'n gewasbemestingsprogam suksesvol saam te stel en evalueer.

| | | |
|---|---|---|
| **AGR635** | 20 | **Plantwaterverhoudings**<br>Na voltooiing van die module sal studente oor deeglike kennis rakende die grond-plant-atmosfeer kontinuum, wortelgroei en wateropname, die beweging van water in plante, metings van plantwaterstatus, en plantreaksie op watertekorte en versuiptoestande beskik. Daar word van elke student vereis om 'n opdrag te skryf en voor te dra oor die waterbehoeftes van 'n geselekteerde gewas deur die gebruik van relevante literatuur. |
| **AGR645** | 20 | **Onkruidbeheer**<br>Studente sal gevorderde kennis van verskeie aspekte van onkruid-beheer opdoen, insluitend verskillende onkruiddoders, wyse van werking, toedieningsmetodes, allelopatie en die gebruik daarvan in onkruidbeheer, ontwikkeling van onkruiddoder weerstand in onkruide en hoe om dit te voorkom, die registrasie proses wat met nuwe onkruid-doders gevolg moet word, asook hoe om onkruiddoder probleme te diagnoseer en proewe uit te voer om die diagnose te bevestig. Hierdie module verbreed studente se kennis oor onkruidbeheer, hoofsaaklik deur selfstudie. Dit word van alle studente verwag om enige tekortkominge in sy of haar kennisbasis te identifiseer en reg te stel. |
| **AGR693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Studente sal onder toesig van 'n studieleier 'n navorsingsprojek oor 'n aspek van agronomie voltooi. Aan die einde van die tweede semester moet studente die resultate van die navorsing in die vorm van 'n wetenskaplike artikel indien, en dit sal van studente verwag word om die resultate voor te berei en voor te dra in die formaat wat by wetenskaplike kongresse verlang word. Gedurende hierdie projek sal studente vaardighede in probleem identifisering, hipotese formulering, beplanning, uitvoering en ontleding van agronomiese eksperimente ontwikkel, asook die interpretasie en oordra van resultate in die vorm van beide geskrewe en mondelinge voordragte. |
| **AGR695** | 20 | **Literatuuroorsig**<br>Studente sal vaardighede en kennis oor wetenskaplike skryfwyse vir publikasie ontwikkel deur voorbereiding van 'n uitgebreide literatuuroorsig wat gekoppel is aan hulle navorsingsprojek. Hierdie studie sal opgeskryf word en in die vorm van 'n seminaar aangebied word aan die einde van die eerste semester. Studente behoort vertroud te wees met die wetenskaplike skryfstyl, bronne wat beskikbaar is en vaardighede benodig vir literatuursoektogte, asook hoe om die relevante bronne in 'n betekenisvolle manier te gebruik. Waardevolle ervaring sal ook in openbare voordragte opgedoen word. |
| **HRT625** | 20 | **Plantvermeerdering**<br>Na voltooiing van die module sal die student vertroud wees met die reproduktiewe en vegetatiewe vermeerdering van tuinboukundige gewasse. Die volgende aspekte word op 'n gevorderde vlak behandel: saailingvermeerdering; teoretiese aspekte van vegetatiewe vermeer-dering deur middel van okulering, enting, inlêers en gespesialiseerde plantstrukture; onder- en bostamverhoudings en die beginsels van weefselkultuur vir mikro-voortplanting. |

| | | |
|---|---|---|
| **HRT645** | 20 | **Groenteverbouing**<br>Na voltooiing van die module sal die student vertroud wees met groenteverbouing. Die volgende aspekte word op ‘n gevorderde vlak behandel: vestiging; blominduksie; omgewingsinvloede op die ontwikkeling, groei en opbrengs; korrelatiewe groei en die produksie aspekte van die belangrikste blaar, bol, wortel en vrugdraende groentegewasse. |
| **HRT665** | 20 | **Vrugteverbouing**<br>Hierdie module is hoofsaaklik in die vorm van selfstudie van wetenskaplike oorsigartikels oor spesifieke gevorderde onderwerpe in vrugteverbouing. Na voltooiing van hierdie module sal studente ‘n in-diepte kennis van belangrike konsepte in vrugteverbouing opgebou het, insluitend blom- en rusperiodes, vrugontwikkeling, en die manipulering van vrugtebome. Studente sal ook ondervinding opdoen in die evaluering van wetenskaplike literatuur en hoe om ‘n uittreksel van relevante inligting vanuit sulke bronne te maak. |
| **HRT693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Die navorsingsprojek strek oor die hele jaar. Studente voltooi ‘n studie oor ‘n onderwerp spesifieke projek onder toesig.Hulle word bekend gestel aan probleem identifisering, hipotese formulering, beplanning, uitvoering en ontleding van hortologiese eksperimente, asook die interpretasie en oordra van resultate.Dit word van die studente verwag om aan die einde van die tweede semester ‘n wetenskaplike navorsingsverslag in te dien en om ‘n mondelinge voordrag oor die projek te maak. Na voltooiing van hierdie module behoort studente vaardighede oor wetenskaplike insig en prosedure te ontwikkel, asook om wetenskaplike inligting in beide geskrewe en mondelinge vorm oor te dra. |
| **HRT695** | 20 | **Literatuuroorsig**<br>Studente sal ‘n uitgebreide, wetenskaplike literatuuroorsig voorberei wat met hulle navorsingsprojek gekoppel is, en dit in die vorm van ‘n seminaar aanbied aan die einde van die eerste semester. Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal studente die belangrikheid van ‘n uitgebreide literatuuroorsig in navorsing verstaan, en ten volle vertroud met die wetenskaplike skryfstyl wees. Studente behoort ook vertroud te wees met die beskikbare bronne en vaardighede van literatuursoektogte, en hoe om inligting uit relevante bronne sinvol te kombineer. Hulle sal ook waardevolle ondervinding opdoen in die voordra van wetenskaplike inligting aan ‘n gehoor. |

**(b) GRONDKUNDE –BScAgricHons-Studiekode 5516 (120 krediete)**

Al die modules hieronder is verpligtend vir die graad.Een van die modules, behalwe GKD693 en GKD695, kan in oorleg met die Departementele Voorsitter met ‘n toepaslike honneursmodule uit ‘n ander dissipline vervang word. 'n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van GKD615, GKD625, GKD635 en GKD645 beantwoord word.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **GKD615** | 20 | **Grondchemiese beginsels en toepassings** |

**Uitkoms:** Na voltooiing van die module sal studente die vermoë hê om grondchemiese beginsels in natuurlike en landbou-ekosisteme toe te pas.
**Inhoud:** Die volgende aspekte word op 'n gevorderde vlak behandel:aard en praktiese belangrikheid van grondkolloïedes; koolstofbalans in grond en die rol van organiese materiaal daarin; dinamika en toeganklikheid van stikstof, fosfor en kalium in gronde; suurgronde en die bestuur daarvan; sout geaffekteerde gronde en diebestuur daarvan; en swaarmetale in gronde en die belangrikheid daarvan in die omgewing.

| | | |
|---|---|---|
| **GKD625** | 20 | **Grondgenese en -evaluasie**<br>**Uitkoms:** Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om grondeienskappe te identifiseer, beskryf en interpreteer met betrekking tot landgebruik.<br>**Inhoud:** Die volgende aspekte word op 'n gevorderde vlak behandel: konsepte van grond, grondeienskappe en grondgenese; filosofie, ooreenkomste en verskille van geselekteerde internasionale grondklassifikasiestelsels; ontwerp van grondopnames vir spesifieke doeleindes; beginsels van landevaluering; opstel van landgebruiksvereistes, interpretasie van landkenmerke en die pas daarvan metlandgebruiksvereistes; eienskappe en gedrag van primêre en sekondêre minerale. |
| **GKD635** | 20 | **Grondfisiese beginsels en toepassings**<br>**Uitkoms:** Na voltooiing van die module sal studente die vermoë hê om grondfisiese beginsels in natuurlike en landbou-ekosisteme toe te pas.<br>**Inhoud:** Die volgende aspekte word op 'n gevorderde vlak behandel: die beskrywing en toepassing van prosesse verwant aan die grondwaterbalans, naamlik infiltrasie, afloop, verdamping vanaf grond- en blaaroppervlaktes en dreinering; grondfisiese faktore wat wortelgroei beïnvloed; besproeiingskedulering en logingsbestuur. |
| **GKD645** | 20 | **Grondvrugbaarheid en bemesting**<br>**Uitkoms:** Na voltooiing van die module sal studente 'n deeglike kennis van grondvrugbaarheid en bemesting hê met betrekking tot landbou-ekosisteme.<br>**Inhoud:** Die volgende aspekte word op 'n gevorderde vlak behandel: funksies van alle essensiële voedingstowwe in plante, insluitende gevolge van onvoldoende en oormatigevoorsiening; aard, dinamika en toeganklikheid van essensiële voedingstowwe in gronde; metodes wat gebruik word in die evaluering van grondvrugbaarheidstatus; fundamentele biofisiese enekonomiese beginsels van bemesting. |
| **GKD693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>**Uitkoms:** Na voltooiing van die module sal die studente vaardigheid hê om 'n klein navorsingsprojek suksesvol uit te voer.<br>**Inhoud:** Elke student sal onder leiding 'n klein navorsingsprojek oor 'n grondkundige onderwerp doen. In die proses sal 'n student ondervinding opdoen in die opstelling van 'n navorsingsprotokol, seleksie van toepaslike metodologie, uitvoering van proewe, prosessering van data, interpretasie van resultate en bereiking van gevolgtrekkings.'n Student moet volgens erkende prosedure 'n verslag skryf oor die projek vir evaluering. |

| | | |
|---|---|---|
| **GKD695** | 20 | **Literatuuroorsig**<br>**Uitkoms:** Na voltooiing van die module sal studente die vaardigheid hê om literatuuroorsigte suksesvol te doen.<br>**Inhoud:** Elke student sal onder leiding literatuuroorsigte oor grondkundige onderwerpe doen. In die proses sal studente ondervinding opdoen in die ontsluiting en sintese van inligting asook die skriftelike en mondelinge aanbieding daarvan volgens erkende prosedures. |

**(c) LANDBOU-EKONOMIE –BScAgricHons-Studiekode 5517 (120 krediete)**

Die graad word in die rigtings landboufinansiering en afgeleidemarkte, landboubeleid en ontwikkeling, landboubemarking en internasionale handel, hulpbron- en omgewingsekonomie, boerderybestuur en voedsel en agribesigheidsbestuur toegeken.Om aan die minimum vereiste te voldoen word dit van die student verwag om agt modules te slaag waarvan LEK601 en LEK693 verpligtend is, terwyl drie ander modules in een van die volgende studievelde geslaag moet word plus nog drie honneursmodules.

- Landboubeleid en ontwikkeling — LEK606, LEK607, LEK608 plus vier nagraadse modules.
- Landboubemarking en internasionale handel — LEK607, LEK609, EL605 plus vier nagraadse modules.
- Hulpbron- en omgewingsekonomie — LEK608, LEK610, LEK611 plus vier nagraadse modules.
- Boerderybestuur — LEK609, LEK608, LEK605 plus vier nagraadse modules.
- Agribesigheidsbestuur — AGB605, LEK605, LEK609 plus vier nagraadse modules.

Een van bogenoemde keusemodules kan in oorleg met die Departementele Voorsitter vervang word met ‘n toepaslike honneursmodule uit ‘n ander vakrigting.Skriftelike eksamens van drie uur elk word in alle modules afgelê.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **LEK601** | 15 | **Kwantitatiewe tegnieke**<br>Die leerder sal kennis oor mikro-ekonomiese konsepte, markstrukture en konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie op bekwame wyse kan oordra. |
| **LEK602** | 15 | **Produksie- en verbruikersekonomie**<br>Hierdie module het ten doel om die student se kapasiteit te ontwikkel om produksie-, koste- en winsfunksies ekonometries te skat en dan aan te wend vir die identifikasie van optimum uitset en insetvlakke. Die student sal ’n keuse van ’n spesifieke funksionele vorm kan motiveer en ook inset-vraag en produk-aanbod funksies aflei deur gebruik te maak van beide die oorspronklike en tweeledige benaderings. |
| **LEK603** | 15 | **Operasionele navorsing**<br>Die primêre studieresultaat van hierdie kursus is om die student se vermoë om inligting rakende komplekse landbouprobleme te sintetiseer, uit te bou, om sodanige probleme wiskundig binne ’n lyn, gemengde integrale getal, dinamiese lyn of risiko-programmeringsraamwerk soos toepaslik voor te lê, om sodanige probleme op te los met behulp van die Algemene Algebraïese Modelleringstelsel (GAMS) en om die resultate te vertolk. |
| **LEK604** | 15 | **Landbou-ekonometrie** |

Dit is 'n toegepaste kursus wat handel oor basiese regressie analise en ander ekonometriese tegnieke en modelle. Die module bestaan uit lesse wat die student op `n wye verskeidenheid empiriese ekonomiese probleme kan toepas. Die kursus bestaan uit beide teoretiese en praktiese toepassing, waar die student in staat gestel word om verskeie rekenaar programme te gebruik in die oplos van ekonomiese probleme. Ekonometrie verskaf empiriese inhoud aan meeste ekonomiese teorie. Die student moet in staat wees om homself vertroud te maak met die data ter sprake en moet in staat wees om verskeie tegnieke toe te pas in data transformasie en modellering.

**LEK605** 15 **Landboufinansiering**

Ná voltooiing van hierdie module, sal die student die finansiële posisie van 'n agri-besigheid onafhanklik kan ontleed en evalueer op grond van die groei en beskermingsekwiteitskapitaal in 'n riskante makro-ekonomiese omgewing.

**LEK606** 15 **Landboubeleid**

Ná voltooiing van hierdie kursus behoort die student die landbou-beleidsproses te verstaan en oor 'n goeie teoretiese kennis van landboubeleid te beskik. Hy/sy behoort die Suid-Afrikaanse landbou-beleid te ken en 'n deeglike begrip daarvan te hê, in staat te kan wees om die landboubeleid aan die hand van verskillende metodes te evalueer en die uitwerking van die landboubeleid op landbou-ontwikkeling te kan evalueer.

**LEK607** 15 **Internasionale handel**

Ná voltooing van hierdie studieprogram, sal die student oor die nodige kennisgrondslag en 'n deeglike begrip van die kompleksiteite van internasionale handel beskik en hy/sy sal ook die kundigheid hê om internasionale handel onafhanklik te ontleed

**LEK608** 15 **Landbou-ontwikkeling**

Deur gebruik te maak van die teoretiese en empiriese kennis wat in die eenheid opgedoen is, sal studente landbouhuishoudings, landelike markte en instellings kan ontleed en die vermoë van alternatiewe beleidsrigtings om landbou- en ekonomiese ontwikkeling, gegrond op hulle begrip van hoe landbouhuishoudings en landelike organisasies en instellings funksioneer, te evalueer.

**LEK609** 15 **Landboubemarking en prysontleding**

Ná voltooiing van hierdie studieprogram, sal die student oor die nodige kennisgrondslag en 'n deeglike begrip van die kompleksiteite van die bemarking van landbouprodukte beskik.Die student sal ook die kundigheid hê om 'n allesomvattende bemarkingsplan saam te stel.

**LEK610** 15 **Gevorderde hulpbron- en omgewingsekonomie**

Met 'n begrip van die teorie van omgewings- en natuurlike hulpbron-ekonomie, sal die student die waardekonsep verstaan, omdat dit op hierdie hulpbron van toepassing is, asook die belangrike rol wat ekonomiese waardes speel om hulpbrontoewysing en -bestuur te bepaal.Studente sal waardasietegnieke soos die reiskostemetode, hedoniese prysmetodes en voorwaardelike waardering leer ken, asook die vermoë om sodanige tegnieke te gebruik om te bepaal tot watter

mate die samelewing by die verskillende natuurlike hulpbronbestuur en omgewingsverbeteringsbeleid en -programme kan baat vind.

| | | |
|---|---|---|
| **LEK611** | 15 | **Projekbeplanning en -analise**<br>Hierdie eenheid het dit ten doel om die beginsels van projekontwerp, beplanning en bestuur, projekontwerpkonsepte en metodes wat projekte effektief met landelike en ekonomiese ontwikkelingstrategieë verbind, aan studente bekend te stel. |
| **LEK693** | 15 | **Navorsingsprojek in Landbou-ekonomie**<br>'n Navorsingsprojek sal onder leiding van 'n studieleier voltooi word waartydens vaardighede ontwikkel sal word ten opsigte van probleem identifisering, ontwikkeling van navorsingsdoelstellings en hipoteses, identifisering van relevante literatuur en literatuuroorsig, spesifisering van 'n konseptuele en analitiese raamwerk, bronne van data, steekproefontwerp, metodes van data-insameling insluitend vraelys ontwerp en toetsing, ontleding van data, aanbieding en interpretasie van resultate in ‘n verslag. |
| **AGB605** | 15 | **Agribesigheidbestuur**<br>Die uiteindelike studieresultaat van hierdie module is om omvattende kennis van strategiese bestuursbeginsels en –metodes op te doen ten opsigte van produksie, prosessering, groot- en kleinhandel en diensvorms in die konteks van die markte van sodanige firmas en daarom oor gespesialiseerde gebiede in die landbou heen. |

**(d) LANDBOUWEERKUNDE –BScAgricHons - Studiekode 5518 (120 krediete)**

Vir die graad is LWR601, LWR602, LWR693 en LWR695 verpligtend.Nog twee modules uit LWR603, LWR604, LWR605 en LWR606 moet gekies word.Een van hierdie keusemodules kan met ‘n toepaslike honneursmodule uit ‘n ander dissipline vervang word.Die keuse van modules moet in oorleg met die Departementele Voorsitter gedoen word. ‘n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van LWR601, LWR602, LWR603, LWR604, LWR605 en LWR606 beantwoord word. In LWR693 en LWR695 word geen formele eksamen geskryf nie.

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **LWR601** | 20 | **Landbouweerkundige dienste vir voorligting**<br>Daarsalvan diestudentverwagwordomdieverskeie kommunikasiekanale en -metodes van tegnologie-oordrag te verstaan met spesifieke klem op weerbulletins en -aanbevelings (vir die hele reeks ruimtelike en tydskale) vir gebruik deur boere, voorligtingsbeamptes en beleidmakers. Hulle sal ook leer hoe om ʼn deelnemende behoefte-bepalingsopname te doen om eindgebruikerbehoeftes te bepaal, en hoe om nuwe produkte te ontwikkel vanuit beskikbare voorspellings en inligting wat van weerkundiges of klimatoloë verkry word. |
| **LWR602** | 20 | **Data-ontleding vir weer- en klimaatnavorsing**<br>Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat te wees om basiese statistiese prosedures toe te pas op weer- en klimaatsdata-stelle, en tydreeks-analise, ontleding van meerveranderlike datastelle, statistiese weervoorspelling vir alle tydskale en die verifikasie van voorspellings uit te voer. |

| | | |
|---|---|---|
| **LWR603** | 20 | **Gespesialiseerde instrumentasie**<br>Na voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om die geskiedenis, aard, werking en gebruik van landbouweerkundige instrumentasie te bespreek. Die doel is om studente te voorsien van die agtergrond, kennis en analitiese vaardighede om landbouweerkundige instrumente te toets, kalibreer en evalueer. Studente sal, waar moontlik, praktiese ondervinding met instrumente opdoen. |
| **LWR604** | 20 | **Grenslaagweerkunde**<br>Die uitkomste van hierdie module sal studente in staat stel om die invloed van verskeie weerselemente en groeifaktore op fotosintese en gewasgroei te evalueer. Die doel is om studente se redenasievermoë te ontwikkel en hul van die nodige agtergrond te voorsien om gewasgroeimodelle te toets deur middel van sensitiwiteitsanalise en statistiese verifiëring alvorens hierdie modelle in die landbou toegepas kan word. Studente sal, waar moontlik, praktiese ondervinding met gewasgroeimodelle opdoen. |
| **LWR605** | 20 | **Toegepaste landbouweerkunde**<br>Die uitkomste van hierdie module sal studente in staat stel om bestaande of verwagte probleme, wat met die landbouweerkundige omgewing verband hou, te identifiseer. Kennis wat studente opdoen sal hulle toerus om doelwitte en metodes te identifiseer wat nodig is om bepaalde probleme aan te spreek, gegewe die nodige hulpmiddels soos seisoenale voorspellings, aanbevelings, ens. Studente sal praktiese ervaring opdoen met die skryf van 'n wetenskaplike artikel deur die inwinning en ontleding van data asook interpretering van resultate en bereiking van gevolgtrekkings. Hierdie sal as voorbereiding dien om die werksomgewing te betree, landbouweerkundige probleme op te los en hierdie kennis op werklike situasies toe te pas. |
| **LWR606** | 20 | **Weeranalise en -voorspelling**<br>Na afhandeling van hierdie module sal die student in staat wees om groot klimaatdatastelle binne 'n Linux omgewing te manipuleer. Nadat hul vertroud gemaak is met die verskillende elemente van 'n programeringstaal sal databeskrywingstellings, beheerstrukture, data-prosesseringstellings asook in- en uitvoerstellings ingespan word in programme wat die outomatisering van data manipulering ten doel het. Studente sal praktiese ondervinding in programmering opdoen en in staat wees om hierdie vaardighede in sekere aspekte van hul navorsing toe te pas. |
| **LWR693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Die student sal kennis van goeie navorsingsmetodologie opdoen deur die opsporing en evaluering van relevante literatuur om ŉ navorsings-voorstel te skryf. ŉ Navorsingsprojek moet ook deur studente voltooi word deur die ontleding en interpretering van resultate wat in 'n verslag saamgestel word. |
| **LWR695** | 20 | **Literatuuroorsig**<br>Die student sal kennis inwin oor die wetenskaplike skryfwyse vir publikasie en leiding ontvang in die voorbereiding en aanbieding van ŉ literatuurstudie oor ŉ goedgekeurde onderwerp in landbouweer-kunde.Die seminaar moet verkieslik by ŉ vakverwante konferensie aangebied word. |

**(e) PLANTETEELT - BSc Agric Hons-Studiekode 5519 (120 krediete)**

Vir toelating tot die Honneursgraad in Planteteelt moet die student 'n gemiddelde slaagsyfer van ten minste 60% in Planteteelt of Genetika modules op finale jaarsvlak verwerf.

Vir die Honneursmodule in Planteteelt is PLT693, PLT692 en PWS614 verpligte modules, terwyl drie ander modules, in oorleg met die vakhoof, uit PLT614, PLT624, PLT634 en PLT644 gekies moet word. 'n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van PLT614, PLT624 en PLT634 beantwoord word. Vir PLT644, PLT693 en PLT692 word onderskeidelik 'n praktiese verslag, 'n mondelingse voordrag en 'n projekverslag vereis. Na voltooiing van PWS614 word 'n mondelinge eksamen afgelê.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **PLT614** | 16 | **Bepaling van oorerflikhede**<br>In hierdie module word die student vertroud gemaak met die bepaling van genetiese variansies en kovariansies ten einde oorerflikhede te bepaal. Die bepalings word gedoen vir vegetatief gepropageerde, kruis-bevrugtende en selfbevrugtende spesies in een en meer omgewings. Hiërargale, faktoriale en diallele ontwerpe word ook ingesluit. Na voltooiing van die module behoort die student 'n grondige kennis te hê van bepaling van variansies en oorerflikhede vir verskillende plant-spesies en statistiese ontwerpe. |
| **PLT624** | 16 | **Merkerondersteunde teling**<br>Die doel van hierdie module is om die student bloot te stel aan tegnieke wat gebruik word vir merker-ondersteunde teling, en die toepassing van hierdie tegnieke in teelprogramme. RFLP (*restriction fragment length polymorphism*), PCR (*polymerase chain reaction*), RAPD (*random amplified polymorphic DNA*), AFLP (*amplified fragment length poly-morphism*), SSR (*single sequence repeats*), SDS-PAGE (*sodium dodecyl sulphate polyacrylamide gel electrophoresis*), isosieme en HPLC (*high performance liquid chromatography*) word teoreties en prakties gedoen. Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om self die tegnieke in 'n telingsituasie te gebruik. |
| **PLT634** | 16 | **Toegepaste planteteelt**<br>In die module maak die student kennis met toepassings in planteteelt. Die student doen selfstudie oor teling vir siekte- en insekweerstand, temperatuur- en vogstremming, kwaliteit en aanpassing in 'n spesifieke gewas. Met voltooiing van die module moet die student in staat wees om 'n teelprogram vir die bepaalde gewas suksesvol te inisieer. |
| **PLT644** | 16 | **Teelprogrambestuur**<br>In hierdie module leer die student om 'n teelprogram met *Agrobase* rekenaarsagteware te bestuur. Dit sluit in die ontwerp en randomisasie van proewe, die opstel van veldboeke, uitdruk van etikette, hantering van ouermateriaal, die maak van kruisings, die hantering en administra-sie van segregerende en suiwertelende generasies, en verwerking en interpretasie van data. Na voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om 'n teelprogram rekenaarmatig te administreer. |
| **PLT693** | 24 | **Navorsing: Literatuurstudies**<br>Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook 'n voordrag daaroor. Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die |

| | | |
|---|---|---|
| | | samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelingse kommunikasie-vermoëns. |
| **PLT692** | 32 | **Skripsie**<br>Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleemidentifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate. |
| **PWS614** | 16 | **Navorsingstegnieke**<br>Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede soos van toepassing op plantbiologie. |

Een van bogenoemde keusemodules kan in oorleg met die vakhoof vervang word met 'n toepaslike Honneursmodule uit 'n ander vakrigting.

### (f) PLANTPATOLOGIE - BSc Agric Hons-Studiekode 5520 (120 krediete)

Vir die Honneursmodule in Plantpatologie is PPG693, PPG692, PLT624 en PWS614 verpligte modules, terwyl twee ander modules, in oorleg met die vakhoof, uit PPG614, PPG624, PPG634 en PPG644 gekies moet word. 'n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van laasgenoemde keusemodules afgelê word. PPG693 word deurlopend ge-assesseer en 'n projekverslag word vir PPG692 vereis. Na voltooiing van PWS614 word 'n mondelinge eksamen afgelê.

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **PPG614** | 16 | **Ekologie en biologie van siekteorganismes**<br>Na voltooiing van hierdie module is die student vertroud met verskillende siekteveroorsakende organismes op plante. Hul rol in die omgewing en biologiese siklusse, insluitend infeksie, voortplanting, verspreiding en oorlewing van fungi, bakterieë en virusse, sal veral aandag geniet. |
| **PPG624** | 16 | **Plant/Patogeen interaksies**<br>Na voltooing van hierdie module is die student vertroud met kritiese interaksies wat tussen plantpatogene, hul gashere asook biotiese en abiotiese omgewings plaasvind. Die invloed van omgewingsfaktore en bewerkingspraktyke op siekte-ontwikkeling en die geleenthede wat dit vir die beheer van plantsiektes bied word in 'n holistiese konteks behandel. |
| **PPG634** | 16 | **Epidemiologie en beheer van siektes**<br>Na voltooiing van hierdie module is die student vertroud met praktiese meting van siekte en patogeen-populasies, tyd- en ruimtelike analise van epidemies, oesverliese, en geselekteerde onderwerpe oor siekteweerstandsteling en chemiese beheer. |
| **PPG644** | 16 | **Diagnose van plantsiektes**<br>Na voltooiing van hierdie module is die student vertroud met gevorderde diagnostiese tegnieke, en die metodes waarvolgens plantsiekteveroorsakende organismes geïdentifiseer word. Die module sluit ook gevorderde aspekte m.b.t. die taksonomie van fungi, bakterieë en virusse in, waar fungi as groep veral beklemtoon word. |
| **PPG693** | 24 | **Navorsing: Literatuurstudies** |

Die student skryf 'n oorsig oor 'n bepaalde onderwerp en lewer ook voordragte oor geselekteerde plantpatologiese artikels. Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelingse kommunikasie-vermoëns.

**PPG692** 32 **Skripsie**
Die student voltooi 'n projek onder toesig van 'n studieleier en maak kennis met probleemidentifikasie, hipotesestelling, beplanning, uitvoering, analise, interpretasie en kommunikasie van resultate.

**PWS614** 16 **Navorsingstegnieke**
Lesings en praktika oor geselekteerde tegnieke en vaardighede soos van toepassing op plantbiologie. By voltooiing van die module sal die student oor kennis beskik om sekere laboratoriumvaardighede van toepassing in plantbiologie te kan beoefen.

Een van bogenoemde keusemodules kan in oorleg met die vakhoof vervang word met ‘n toepaslike Honneursmodule uit ‘n ander vakrigting.

**(g) VEEKUNDE - BSc Agric Hons-Studiekode 5521 (120 krediete)**

Die graad word in Diereteling, Dierefisiologie of Dierevoeding toegeken. Om aan die minimum vereistes van die graad te voldoen word dit van die student verwag om ses modules te slaag, waarvan VKD693 en VKD695 verpligtend is, terwyl vier ander modules in die volgende studievelde geslaag moet word:

- Diereteelt: DTL601, DTL602, DTL603 plus een nagraadse module;
- Dierevoeding: DVL601, DVL602, DVL603, DVL604
- Dierefisiologie: DAF601, DAF602, DAF603 plus een nagraadse module.

Een van bogenoemde keusemodules kan in oorleg met die Departementele Voorsitter vervang word met ‘n toepaslike Honneursmodule uit ‘n ander vakrigting. Skriftelike eksamens van drie uur elk word in DTL601, DTL602, DAF601, DAF602, DVL601, DVL602 en DVL604 afgelê.Vir DTL603, VKD693 en VKD695 word wetenskaplike verslae / seminare en mondelinge voordragte vereis. Mondelinge eksamens word in DAF603, DVL603 en DVL604 vereis.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **DAF601** | 20 | **Fundamentele dierefisiologie**<br>Na voltooiing van hierdie module sal die student vertroud wees en ‘n indiepte kennis hê rondom die fisiologiese werking van verskillende sisteme (bv. sirkulatoriese-, respiratoriese-, urinêre-, verteringsisteem ens) in die diereliggaam. |
| **DAF602** | 20 | **Endokrinologie**<br>Na voltooiing van hierdie module sal die student oor insig en kennis beskik rondom die meganismes wat die endokriene kliere en hormone reguleer en die beheer van sekere relevante fisiologiese funksies in die liggaam. |
| **DAF603** | 20 | **Toegepaste reproduksiefisiologie**<br>Na voltooiing van hierdie module sal die student die fisiologiese beginsels en toepassing van sekere reproduktiewe tegnieke in plaasdiere verstaan. |

| | | |
|---|---|---|
| **DTL601** | 20 | **Fundamentele diereteelt**<br>Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student vertroud wees en ‘n indiepte kennis hê rondom beginsels van kwantitatiewe genetika en die toepassing daarvan in die genetiese verbetering van gedomestikeerde plaasdiere. |
| **DTL602** | 20 | **Eksperimentele diereteelt**<br>Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student oor ‘n grondige kennis beskik rondom die onderliggende beginsels en metodologieë (enkel- en meer eienskap modelle, maternale, omgewings en drumpelwaarde modelle) hoe om akkurate genetiese voorspellings te maak (statistiese analises) en die gebruik daarvan as seleksie hulpmiddels vir genetiese vordering in gedomestikeerde plaasdiere. Die rol en toepassing van molekulêre tegnieke in moderne diereteling word ook bespreek. |
| **DTL603** | 20 | **Toegepaste diereteelt**<br>Na suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student oor ‘n grondige kennis en verdiepende insig beskik rondom seleksie doelwitte, seleksie kriteria, genetiese parameters van laasgenoemde en hoe om ‘n teeltprogram van begin tot einde te kan opstel wat tot genetiese vordering in verskillende plaasdier species onder Suid Afrikaanse omgewings toestande sal lei. |
| **DVL601** | 20 | **Fundamentele dierevoeding**<br>Deur middel van selfstudie (bestudering van literatuur en geskrewe seminare) word die student vertroud gemaak met die begrippe voere en voedingstowwe (water, koolhidrate, lipiede, proteïne, minerale en vitamiene); verteringstelsels (enkelmaagdiere, herkouers en laerspysverteringskanaal fermenteerders), vertering, absorpsie en metabolisme; voedingstekorte, toksisiteite en metaboliese versteurings; verteerbaarheid van voere en voedingstowwe; tegnieke vir die evaluering van voere en weidings; proteïen- en energiemaatstawwe vir enkelmaagdiere, herkouers en laerspysverteringskanaal-fermenteerders. Die student word geleentheid gebied om deur selfstudie spesifieke onderwerpe te bemeester en as seminare volgens wetenskaplike styl en formaat te skryf. |
| **DVL602** | 20 | **Eksperimentele dierevoeding**<br>Na voltooiing van hierdie module sal die student vertroud wees en indiepte kennis hê rondom die kwantitatiewe aspekte van voeding nl. die hoeveelheid voedingstowwe wat deur die voer voorsien word en tweedens die hoeveelheid benodig deur verskillende plaasdiere (voedingstandaarde). Eksperimentele tegnieke wat in navorsing gebruik word vir die kwantifisering van voedingstof benutting en behoeftes word in diepte behandel. |
| **DVL603** | 20 | **Toegepaste herkouersvoeding**<br>Na voltooiing van hierdie module sal die student oor ‘n grondige kennis en indiepte insig beskik rondom die voedingsbestuur van melkbeeste, suiwelkalwers, vleisbeeste en skape in verskillende fisiologiese stadiums, om ekonomiese hoë kwaliteit dierlike produkte onder spesifieke omgewingstoestande te produseer. |
| **DVL604** | 20 | **Toegepaste enkelmaagvoeding** |

Na voltooiing van hierdie module sal die student vertroud wees en ‘n indiepte kennis hê rondom die voedingsbehoeftes, voerfasiliteite, voedingstelsels, dieëtformulering en voedingsbestuur van pluimevee en varke tydens verskillende fisiologiese stadiums, om ekonomiese hoë kwaliteit dierlike produkte te produseer.

| | | |
|---|---|---|
| **VKD693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Studente sal onder toesig van ‘n studieleier ‘n navorsingsprojek oor ‘n aspek van veekunde voltooi. Dit word van studente verwag om die resultate voor te berei en in die vorm van ’n wetenskaplike artikel in te dien en in die formaat wat by wetenskaplike kongresse verlang word, ’n mondelinge voordrag te maak. Gedurende hierdie projek sal studente vaardighede in probleem identifisering, hipotese formulering, beplanning, uitvoering en ontleding van veekundige eksperimente ontwikkel, asook die interpretasie en oordra van resultate in die vorm van beide geskrewe en mondelinge voordragte. Die onafhanlikheid en wetenskaplike insig wat in hierdie module ontwikkel word voorsien die student van die nodige agtergrond vir verdere nagraadse studies. |
| **VKD695** | 20 | **Literatuurstudie**<br>Die student berei ‘n uitgebreide wetenskaplike literatuur oorsig voor oor ‘n spesifieke onderwerp wat in die vorm van ‘n seminaar en mondelinge voordrag aangebied word.<br>Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens ‘n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns. |

**(h) VOEDSELWETENSKAP - BSc Agric. Hons -Studiekode 5522 (128 krediete)**

Voorvereiste: Voedselwetenskap op vierdejaarvlak. 'n Gemiddeld van 65% in voorgraadse Voedselwetenskap-modules. Toelating is onderhewig aan 'n keuringsproses. Om aan die minimum vereistes van die graad te voldoen word dit van die student verwag om ses modules te slaag, waarvan VWS601, VWS 602, VWS693 en VWS695 verpligtend is. Een van onderstaande keusemodules kan in oorleg met die Departementele Voorsitter vervang word met ‘n toepaslike Honneursmodule uit ‘n ander vakrigting. Skriftelike eksamens van drie uur elk word in VWS601, VWS602, VWS603, VWS604, VWS605, VWS606 EN VWS607 afgelê. Vir VWS693 en VWS695 word wetenskaplike verslae/seminare en mondelinge voordragte vereis.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **VWS601** | 24 | **Voedselmikrobiologie**<br>Die student sal die volgende spesifieke areas van voedselmikrobiologie in 5 modules leer ken: voedselbederf, voedselgedraagde siektes en voedselvergiftiging, giste en gisverwante organisms in voedsel, natuurlike antimikrobiese sisteme en voedsel preservering, probiotika in voedsel en die rol van fermentasie in voedsel. |
| **VWS602** | 24 | **Voedselchemie**<br>Gevorderde aspekte van voedselchemie word behandel in 6 modules, handelende oor geurmiddels en geurwaarneming, nuwe verwikkelinge in die navorsing en aanwending van versoeters, rol en bydrae van lipiede en proteïene tot geure, modifikasie van funksionele eienskappe proteïene en molekulêre mobiliteit en voedselstabiliteit. |

| | | |
|---|---|---|
| **VWS603** | 24 | **Suiwelkunde**<br>Die kursus bestaan uit 5 modules oor gevorderde aspekte in suiwelkunde. Dit behels reste in melk en melk produkte soos melk residue en kontaminante, anti-mikrobe en gifstowe asook mikotoksiene. Bakteriofage in die kaas industrie. Vesnelling van kaas rypmakings tegnologie deur ensiem tegnologie. HACCP in die suiwelindustrie. Laastens word ‘n verslag verlang oor die nuutste ontwikkelinge in Suiwelkunde. |
| **VWS604** | 24 | **Vleiskunde**<br>Die kursus bestaan uit ses modules wat handel oor gevorderde aspekte van belang in die vleiskunde. Die volgende aspekte word behandel: samestelling en struktuur van spier, omskakeling van spier na vleis en spierproteïene in vleistegnologie, ‘n gevorderde studie van die kleur van vleis, ‘n gevorderde studie van vleissagtheid en die chemie van vleissmaak, gerestruktureerde vleisprodukte en inmaak van vleis en vleisprodukte, gefermenteerde en intermediêre vog vleisprodukte, en nuwe tegnologie in die vleisprosesseringsbedryf. |
| **VWS605** | 24 | **Voedsel: Algemeen**<br>Hierdie kursus is gerig daarop om die student toe te rus met kennis oor voedselbestanddele in die algemeen.Die kursus is verdeel in ses modules. Die eerste module fokus op voedselsisteme, veral die eienskappe en struktuur van die verskillende sisteme.Die tweede en derde modules fokus op die funksionele eienskappe van hidrokolloïede; die funksies en toepassing daarvan in voedsel.Die laaste drie modules ondersoek die toepassing van vet-vervangers, versoeters asook ander voedseladditiewe. |
| **VWS606** | 24 | **Vrugte, Groente en Sade**<br>Hierdie kursus fokus op die funksionele-, biochemiese- en kwaliteitseienskappe van groente en vrugte prosessering.Die kursus bestaan uit ses modules en laat keuses toe tussen vrugte, groente en sade. Daar word gefokus op die bepaling van kwaliteit asook die invloed van prosessering op kwaliteit, ondersoek van groente- en vrugtesappe en verwante produkte, minimale prosessering van vrugte en groente, ondersoek na gemodifiseerde opberging asook bevriesing van groente en vrugte, faktore wat rakleeftyd beïnvloed, faktore wat kwaliteit beïnvloed van ‘n verskeidenheid ekonomies belangrike grane, peule en oliesade. |
| **VWS607** | 24 | **Aanvullende onderwerpe in Voedselwetenskap**<br>Die kursus bestaan uit ses modules, bestaande uit keuses van twee modules uit elk van die bostaande kursusse VWS 603, VWS 604 en VWS 606. Dit is ideaal vir studente wat drie-jaar BSc grade of grade in Verbruikerswetenskap voltooi het, waar slegs die basiese aspekte van Voedselwetenskap in die kurrikulum ingesluit was. |
| **VWS693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Studente sal onder toesig van ‘n studieleier ‘n navorsingsprojek oor ‘n aspek van Voedselwetenskap voltooi. Dit word van studente verwag om die resultate voor te berei en in die vorm van ’n wetenskaplike artikel in te dien en in die formaat wat by wetenskaplike kongresse verlang word, en ’n mondelinge voordrag te maak. Gedurende hierdie projek sal studente vaardighede in probleem identifisering, hipotese formulering, beplanning, uitvoering en ontleding van voedselwetenskaplike eksperi- |

mente ontwikkel, asook die interpretasie en oordra van resultate in die vorm van beide geskrewe en mondelinge voordragte.Die onafhanklikheid en wetenskaplike insig wat in hierdie module ontwikkel word voorsien die student van die nodige agtergrond vir verdere nagraadse studies.

| | | |
|---|---|---|
| **VWS695** | 12 | **Literatuurstudie**<br>Die student berei 'n uitgebreide wetenskaplike literatuur oorsig voor oor 'n spesifieke onderwerp wat in die vorm van 'n seminaar en mondelinge voordrag aangebied word. Na voltooiing van hierdie module is die student onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde format, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns. |

**(i) WEIDINGKUNDE - BSc Agric Hons-Studiekode 5523 (120 krediete)**

Vier vraestelle van drie uur elk, waarvan twee in die eerste semester en twee in die tweede semester, in een van die volgende rigtings, asook 'n mini navorsingsprojek (WDK693) en 'n literatuurstudie (WDK695) word vereis.

**ALGEMENE RIGTING**

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **WDK601** | 20 | **Weiveldfisiologie en -ekologie**<br>Om die student vertroud te maak met weidingkundige beginsels van plantekologie, -fisiologie en -fenologie op 'n gevorderde vlak, wat die bestuur en volhoubare benutting van die weidingekosisteem sal bepaal en te verseker. |
| **WDK602** | 20 | **Weiveldbestuur**<br>Om die student vertroud te maak met die verskillende wyses van veldbenutting om volhoubaarheid te verseker, asook die praktiese beplanning van 'n boerdery-eenheid op 'n wetenskaplike wyse te kan uitvoer. |
| **WDK603** | 20 | **Intensiewe weidingproduksie**<br>Die toepassing van veldintensifikasie en die gebruik van aangeplante weidings om die weiveld te verbeter en aan te vul, sodat volhoubare produktiwiteit moontlik gemaak kan word. |
| **WDK604** | 20 | **Weiveldevaluering**<br>Om die student toe te rus met die nodige kennis op gevorderde vlak van die onderskeie kriteria en tegnieke wat gebruik kan word om die hulpbron te evalueer, sodat die produktiwiteit van die weidingekosisteem geïdentifiseer kan word en om plantegroeiveranderinge te kan vasstel. |
| **WDK693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Student sal onder toesig van 'n studieleier 'n navorsingsprojek oor 'n aspek van weidingkunde voltooi. Dit word van studente verwag om die resultate in die vorm van 'n wetenskaplike artikel in die formaat wat by wetenskaplike kongresse verlang word in te dien en 'n mondelinge voordrag te maak. Gedurende hierdie projek sal studente vaardighede in probleem identifisering, hipotese formulering, beplanning, uitvoering en ontleding van weidingkundige eksperimentele ontwikkeling, asook |

die interpretasie en oordra van resultate in die vorm van beide geskrewe en mondelinge voordragte. Die onafhanklikheid en wetenskaplike insig wat in hierdie module ontwikkel word voorsien die student van die nodige agtergrond vir verdere nagraadse studie.

| | | |
|---|---|---|
| **WDK695** | 20 | **Literatuurstudie**<br>Die student berei 'n uitgebreide wetenskaplike literatuuroorsig voor oor 'n spesifieke onderwerp in weidingkunde wat in die vorm van 'n seminaar en mondelinge voordrag aangebied word.Na voltooiing van hierdie module is die sudent onderleg in die ontsluiting van literatuur, organisering van inligting, die samevatting van hierdie inligting volgens 'n gestruktureerde formaat, asook in skriftelike en mondelinge kommunikasie-vermoëns. |

**NATUURLEWEBESTUUR**

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **WDK601** | 20 | **Weiveldfisiologie en -ekologie** |
| **WDK602** | 20 | **Weiveldbestuur** |
| **WDK604** | 20 | **Weiveldevaluering** |
| **WDK605** | 20 | **Natuurlewebestuur**<br>Om die student in staat te stel om met kennis op gevorderde vlak van wildspesies soos hulle sosiale gedrag en weivoorkeure die ekosisteem so te bestuur dat optimale produksie op 'n volhoubare wyse gehandhaaf kan word. |
| **WDK693** | 20 | **Navorsingsprojek** |
| **WDK695** | 20 | **Literatuurstudie** |

Enige een van bogenoemde modules kan in oorleg met die Departementele Voorsitter vervang word met 'n toepaslike Honneursmodule uit die Veekundevakrigting.

**(j) BESPROEIINGSKUNDE - BSc Agric Hons – Studiekode 5524 (120 krediete)**

Slegs die voorgraadse leerprogramme met spesialisasie in besproeiingskunde verleen toegang tot hierdie interdissiplinêre studierigting. Vir die rigting is AGR635, BSB693, BSB695, GKD635 en LWR601 verpligtend.Nog 'n module moet in oorleg met die Departementele Voorsitter uitAGR615, GKD645 en LWR605 gekies word. 'n Eksamenvraestel van drie ure moet in elk van AGR615, AGR635, GKD635, GKD645, LWR601 en LWR605 geskryf word.

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **AGR615** | 20 | **Gewas- en stremmingsfisiologie**<br>Na voltooiing van die module sal studente hulle kritiese lees vaardighede ontwikkel het, en in staat wees om simptome van stremming by gewasse in verband te bring met fisiologiese en biochemiese meganismes. In die gewasfisiologie afdeling sal studente 'n hoë vlak van insig ontwikkel van die fisiologiese beginsels van droëland gewasproduksie, asook die moontlikhede van die manipulering van fisiologiese en biochemiese prosesse om opbrengste te verbeter. Die stremmingsfisiologie gedeelte van die module sal studente in staat stel om die effek van klimaatsverandering op voedselproduksie te verstaan, en 'n dieper |

insig kry van hoe plante reageer op verskillende stremmings wat deur die omgewing en verbouingspraktyke daar gestel word.

| | | |
|---|---|---|
| **AGR635** | 20 | **Plantwaterverhoudings**<br>Na voltooiing van die module sal studente oor deeglike kennis rakende die grond-plant-atmosfeer kontinuum, wortelgroei en wateropname, die beweging van water in plante, metings van plantwaterstatus, en plant-reaksie op watertekorte en versuiptoestande beskik. Daar word van elke student vereis om ‘n opdrag te skryf en voor te dra oor die water-behoeftes van ’n geselekteerde gewas deur die gebruik van relevante literatuur. |
| **BSB693** | 20 | **Navorsingsprojek**<br>Na voltooiing van die module sal ‘n student ondervinding hê in die geïntegreerde beplanning van ‘n besproeiingsboerdery.Die beplanning sal onder leiding gedoen word.Die grondkundige, klimatologiese, agronomiese, ekonomiese en ingenieursaspekte moet in ag geneem word.‘n Verslag wat alle aspekte van die beplanning dek word verlang. |
| **BSB695** | 20 | **Literatuuroorsig**<br>Na voltooiing van die module sal studente die vaardigheid hê om literatuuroorsigte suksesvol te doen.Elke student sal onder leiding literatuuroorsigte oor besproeiingskundige onderwerpe doen.In die proses sal studente ondervinding opdoen in die ontsluiting en sintese van inligting asook die skriftelike en mondelinge aanbieding daarvan volgens erkende prosedure. |
| **GKD635** | 20 | **Grondfisiese beginsels en toepassings**<br>Na voltooiing van die module sal studente die vermoë hê om grondfisiese beginsels in natuurlike en landbou-ekosisteme toe te pas.Die volgende aspekte word op ‘n gevorderde vlak behandel: die beskrywing en toepassing van prosesse verwant aan die grondwater-balans, naamlik infiltrasie, afloop, verdamping vanaf grond- en blaaroppervlaktes en dreinering; grondfisiese faktore wat wortelgroei beïnvloed; besproeiingskedulering en logingsbestuur. |
| **GKD645** | 20 | **Grondvrugbaarheid en bemesting**<br>Na voltooiing van die module sal studente ‘n deeglike kennis van grondvrugbaarheid en bemesting hê met betrekking tot landbou-ekosisteme.Die volgende aspekte word op ‘n gevorderde vlak behandel: funksies van alle essensiële voedingstowwe in plante, insluitende gevolge van onvoldoende en oormatigevoorsiening; aard, dinamika en toeganklikheid van essensiële voedingstowwe in gronde; metodes wat gebruik word in die evaluering van grondvrugbaarheid-status; fundamentele biofisiese en ekonomiese beginsels van be-mesting. |
| **LWR601** | 20 | **Landbouweerkundige dienste vir voorligting**<br>Daarsalvan diestudentverwagwordomdieverskeie kommunikasiekanale en -metodes van tegnologie-oordrag te verstaan met spesifieke klem op weerbulletins en -aanbevelings (vir die hele reeks ruimtelike en tydskale) vir gebruik deur boere, voorligtingsbeamptes en beleidmakers. Hulle sal ook leer hoe om ’n deelnemende behoefte-bepalingsopname te doen om eindgebruikerbehoeftes te bepaal, en |

hoe om nuwe produkte te ontwikkel vanuit beskikbare voorspellings en inligting wat van weerkundiges of klimatoloë verkry word.

| | | |
|---|---|---|
| **LWR605** | 20 | **Toegepaste landbouweerkunde**<br>Die uitkomste van hierdie module sal studente in staat stel om bestaande of verwagte probleme, wat met die landbouweerkundige omgewing verband hou, te identifiseer. Kennis wat studente opdoen sal hulle toerus om doelwitte en metodes te identifiseer wat nodig is om bepaalde probleme aan te spreek, gegewe die nodige hulpmiddels soos seisoenale voorspellings, aanbevelings, ens. Studente sal praktiese ervaring opdoen met die skryf van 'n wetenskaplike artikel deur die inwinning en ontleding van data asook interpretering van resultate en bereiking van gevolgtrekkings.Hierdie sal as voorbereiding dien om die werksomgewing te betree, landbouweerkundige probleme op te los en hierdie kennis op werklike situasies toe te pas. |

## INLIGTING

## STUDIEDOELSTELLINGS

Die doelstellings met dié graadstudie is:

(a) om die student die geleentheid te bied om daarin te verdiep in ‘n spesialisrigting van sy/haar keuse en kennis te verbreed met die oog op landbou, landelike ontwikkeling en landboubestuur;
(b) om die student voor te berei vir verdere nagraadse studie;
(c) om die student te lei in selfstandige bestudering van die hoofvak/hoofvakgebied/spesialisrigting; en
(d) om, met die Honneursgraad in Landboubestuur, die student se bestuursvaardighede in ‘n verskeidenheid van funksionele areas op die terreine van boerderyondernemingsbestuur en ontwikkeling en die bestuur van agribesighede te vestig.

**Modulekodes**
Daar moet daarop gelet word dat die numeriese gedeelte van die modulekode vir Honneursmodules nie dieselfde betekenis het as vir voorgraadse modules nie. Die alfabetiese gedeelte dui die spesifieke vaknaam aan. Die syfer 6 dui aan dat dit 'n Honneursmodule is, terwyl die tweede en derde syfers slegs aan die betrokke onderwerp gekoppel is. Daar moet dus in oorleg met die betrokke Departementele Voorsitter bepaal word op watter tydstip eksamen in 'n spesifieke module afgelê sal word. Wanneer die tweede syfer egter 'n 9 is, verwys dit na 'n seminaar/skripsie/ werkstuk.

## REGULASIES

**Let Wel**: Die algemene regulasies ten opsigte van Honneursgrade (Algemene Regulasies A55 tot A78) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

### Reg. H18 - Toelating

(a) Kyk Algemene Regulasie A56.
(b) ‘n Student moet in besit wees van ‘n B.Agric.-graad, met dien verstande dat ‘n student met toestemming van die Dekaan ook toegelaat kan word op grond van ‘n kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou, of op grond van ‘n standaard van bekwaamheid op ‘n ander wyse bereik wat na die oordeel van die Dekaan vir doeleindes van dié studie toereikend is; en
(c) die departement van ‘n spesifieke rigting vooraf oortuig dat hy/sy oor voldoende kennis beskik om toelating tot dié studie te regverdig.
(d) Benewens die bostaande vereistes vir toelating tot die graad kan die departement, met skriftelike bevestiging van die Direkteur: Studente-administrasie, van ‘n kandidaat vereis om ook sekere addisionele modules te voltooi voor toelating tot of toekenning van die graad.

### Reg. H19 - Slaagvereistes

Soos voorgeskryf in die verskillende leerprogramme.

### Reg. H20 - Verpligte modules

Benewens die bepalinge van Algemene Regulasie A56(b) moet 'n student ook oor die ondergenoemde kwalifikasies beskik alvorens hy/sy toegelaat kan word tot die Honneursgraad in Landboubestuur:

(a) basiese vaardighede in rekenaargebruik, spesifiek in spreivel- en woordverwerkingsprogramme; en
(b) studente wat nie oor die vaardighede beskik nie, kan gelyktydig met die aanvang van die studie op aanbeveling van die Departementele Voorsitter en met goedkeuring van die Dekaan, so ‘n module aanbied.

**Reg. H21 - Leerprogramme vir die B.Agric.Hons-graad**

**(a) Spesialisasie in Landboubestuur - Studiekode 5531 (120 krediete)**

'n Skripsie en sewe vraestelle van drie uur elk.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **LBB601** | 15 | **Gevorderde landboubestuur** - Effektiewe bestuurstyle, leierskap en Inligtingstelsels. |
| **LBB602** | 15 | **Finansiële bestuur**– die kritiese ontleding en intepretasie van die finansiële state van 'n agribesigheid, aan die hand van kern finansiële verhoudings. Die evaluering van die lewensvatbaarheid van nuwe projekte en verskillende groei strategieë en die impak daarvan op die kern finansiële verhoudings en langertermyn lewensvatbaarheid van die onderneming, inagnemende die veranderrende makro omgewing. Aan die einde van die kursus moet volledige werkstuk ingehandig word met die toepassing hiervan, op 'n agribesigheidsonderneming van die student se keuse en ook die voordrag daarvan. |
| **LBB603** | 15 | **Produksiebestuur** – na die suksesvolle voltooiing van die kursus, sal die student die teoretiese konsepte van produksie ekonomie verstaan wat onder meer die volgende insluit; inset/uitset, inset/inset, en uitset/uitset verhoudings; ekonomiese optimale inset en uitset vlakke; en ekonomie van skaal. Die student sal in staat wees om alomvattende onderneming begrotings op te stel vir kontant- en meerjarige gewasse, weiding en lewendehawe ondernemings met spesiale verwysing na die inagneming van die beskikbaarheid, en die kwaliteit van natuurlike hulpbronne. Met behulp van werklike studies, sal die student verstaan hoe teoretiese konsepte toegepas word in die praktyk met die neem van bestuursbesluite om te kies tussen verskillende produksie alterna-tiewe, produksie prosesse, en die aanneming van nuwe tegnologie. Die student sal in staat wees om die finansiële impak van bestuurs besluite te assesseer, binne 'n studie van sy/haar keuse. |
| **LBB604** | 15 | **Projekbestuur** – projek bestuur is die proses waartydens projekte ge-definieer, beplan, geimplimenteer, gemonitor en bestuur word ten einde die projek doelwitte te bereik. Na die voltooiing van die module sal die student in staat wees om 'n projekvoorstel te ontwikkel, die omvang van die projek te identifiseer, doelwitte te stel, 'n tyd-skedule en 'n begroting op te stel, hulpbronne te bestuur, vordering te meet asook die projek te bestuur ten einde die projek suksesvol af te handel. |
| **LBB605** | 15 | **Bemarkingsbestuur**– na voltooiïng van hierdie module sal die student toegerus wees met besluitnemings vaardighede en die nodig kennis om `n volledige bemarkingsplan vir `n landbou-besigheid op te stel.Meer spesifiek behandel die module die analise van die makro- en interne omgewings waarin bemarking plaasvind, die strategiese bemarkings-proses en die ontwikkeling van `n bemarkingsplan.Addisionele onderrig sal plaasvind deur gevalle studies. |
| **LBB606** | 15 | **Menslike hulpbronbestuur**– na die voltooiing van hierdie module sal die student in staat wees om 'n omvattende kennis van menslike hulp-bronbestuur op te doen.Studente sal in staat wees om die uitdagings |

met vertroue te ontleed betreffende die bestuur van personeel in terme van werknemersverhoudinge, mannekragbeplanning, ontwikkeling van werknemersverhoudinge (werwing, aanstelling en oriëntering),benutting en ontwikkeling van werknemers (motivering, leierskap en opleiding) en die invloed van arbeidswette en -beleide.

| | | |
|---|---|---|
| **LBB607** | 15 | **Besigheidsbestuur** – die uiteindelike studieresultaat van hierdie module is om omvattende kennis van strategiese bestuursbeginsels en -metodes op te doen, Die student sal instaat wees om die strategiese bestuurs beginsel toe te pas in terme van produksie, prosessering, groot- en kleinhandel en diensvorms van verskillende industrieë. |
| **LBB693** | 15 | **Navorsingsprojek** –'n geïntegreerde besigheidsplan sal onder leiding van 'n studieleier voltooi word waartydens navorsingsvaardighede ontwikkel word wat insluit probleem identifisering,die ontwikkeling van doelstellings en hipoteses, die identifisering van relevante inligtingsbronne, die ontwerp van 'n besigheidsplan, data-insameling,die ontleding van data en die aanbieding en interpretasie van resultate in 'n besigheidsplan. |

**(b) Spesialisasie in Besproeiingsbestuur - Studiekode 5532 (120 krediete)**

'n Eksamen van drie uur word in elk van LBB609, BSB601, BSB602 en BSB603 geskryf, terwyl 'n skripsie oor 'n projekopdrag in BSB691 vereis word.

| **Modulekode** | **Krediete** | **Onderwerp** |
|---|---|---|
| **LBB609** | 24 | **Finansiële Landboubestuur** – die kritiese ontleding en interpretasie van die finansiële state van 'n agribesigheid, aan die hand van kern finansiële verhoudings. Die evaluering van die lewensvatbaarheid van nuwe projekte en verskillende groei strategieë en die impak daarvan op die kern finansiële verhoudings en langertermyn lewensvatbaarheid van die onderneming, inagnemende die veranderrende makro omgewing. Aan die einde van die kursus moet volledige werkstuk ingehandig word met die toepassing hiervan, op 'n agribesigheidsonderneming van die student se keuse en ook die voordrag daarvan. |
| **BSB601** | 24 | Assessering van grond en water vir besproeiingsgeskiktheid. Kennis oor die invloed van klimaat op die keuse van besproeiingsgewasse. Bestuur van die grondwaterbalans. Vertroud wees met die grond-plant-atmosfeer kontinuum onder besproeiing en die effek van besproeiing op die omgewing. |
| **BSB602** | 24 | Kennis oor die instandhouding van grondvrugbaarheid, geïntegreerde plaagbeheer en opeenvolging van gewasse onder besproeiing. Kwantifisering van waterbehoeftes en -verbruik van besproeiingsgewasse en die identifisering van metodes van besproeiingskedulering. |
| **BSB603** | 24 | Vertroud wees met keuse, ontwerp, installering, assessering en bestuur van besproeiingstelsels. Ontleding en assessering van pompe en elektrisiteitsverbruik van besproeiingstelsels. |
| **BSB693** | 24 | Navorsing: Geïntegreerde beplanning van 'n besproeiingsboerdery met inagneming van die grondkundige, klimatologiese, agronomiese, ekonomiese en ingenieursaspekte. |

### (c) Spesialisasie in Natuurlewebestuur - Studiekode 5533 (120 krediete)

Vier vraestelle van drie uur elk in LBB609, NLB601, NLB602 en NLB603, asook die integrering van die teoretiese beginsels van natuurlewebestuur in 'n kort skripsie (NLB693) word vereis.

| Modulekode | Krediete | Onderwerp |
|---|---|---|
| **LBB609** | 24 | **Finansiële Landboubestuur** – die kritiese ontleding en interpretasie van die finansiële state van 'n agribesigheid, aan die hand van kern finansiële verhoudings. Die evaluering van die lewensvatbaarheid van nuwe projekte en verskillende groei strategieë en die impak daarvan op die kern finansiële verhoudings en langertermyn lewensvatbaarheid van die onderneming, inagnemende die veranderrende makro omgewing. Aan die einde van die kursus moet volledige werkstuk ingehandig word met die toepassing hiervan, op 'n agribesigheidsonderneming van die student se keuse en ook die voordrag daarvan. |
| **NLB601** | 24 | **Veld- en wildekologie**– Identifisering en ontleding van ekologiese wildboerderygebiede en vertroud wees met ekosisteemeienskappe. Ingestel wees op die fisiologies, fenologiese en ekologiese beginsels by die bestuur en benutting van die weidingekosisteem. Vertroud wees met bevolkingsdinamika van wild, insluitend aspekte soos kennis van wildspesies, sosiale gedrag, reproduksie, habitatvoorkeure, dieet-seleksie en weiding. |
| **NLB602** | 24 | **Toegepaste habitatassessering**– Kennis oor die beginsels, toepassing en beperkings met betrekking tot belangrike natuurlewebestuurs- en navorsingstegnieke. Praktiese vaardighede oor tegnieke om primêre produksie, veldtoestand en die weidingkapasiteit van die graslaag en boomlaag te bepaal. Vertroud wees met tegnieke om voerinname en voedselvoorkeure van wildspesies te bepaal. |
| **NLB603** | 24 | **Toegepaste natuurlewebestuur**– Kennis oor fisiese wildplaas-beplanning soos omheiningsvereistes, hanteringsgeriewe, minimum plaasgroottes en wetlike aspekte. Vertroud wees met wildvang, immobilisasie, vervoer en hantering van stres, wildsiektes en parasitologie. Ontleding en assessering van wildbenutting, insluitende alle aspekte van jag en lewendige verkope, asook verwerking van wild-produkte. |
| **NLB693** | 24 | **Kort skripsie**– Uitvoering van 'n geïntegreerde beplanning van 'n wildreservaat/reservaat waar verskeie aspekte van natuurlewe-bestuur prakties toegepas sal word. Dit het ten doel om bestuursprobleme op te los en die volhoubare benutting van die natuurlike hulpbronne te verseker. |

# Magistergrade (NKR vlak 9)

**Graadbenaming**

Die volgende magistergrade word in die Landbouprogram toegeken:

| Graad | Minimum tydperk | Afkorting van studie | Bladsy |
|---|---|---|---|
| Magister Scientiae Agriculturae | 1 jaar | MScAgric. | 85 |
| Magister in Volhoubare Landbou | 2 jaar | M.V.L. | 87 |
| Magister in Rampbestuur | 2 jaar | M.Rampbestuur | 92 |
| Magister Agriculturae | 1 jaar | M.Agric. | 95 |

## MAGISTER SCIENTIAE AGRICULTURAE — MScAgric.

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die doelstellings met dié graadstudie is:
(a) om die kandidaat die geleentheid te bied tot verdere verdieping ten opsigte van 'n spesifieke veld binne die betrokke vakgebied;
(b) om die kandidaat te lei met die beplanning en uitvoering van 'n navorsingsprogram;
(c) om die kandidaat in die insameling, verwerking, interpretasie en opskryf van navorsingsresultate en wetenskaplike artikels te onderrig;
(d) om die kandidaat te lei om selfstandig navorsing te kan doen en navorsingsresultate te kan oordra; en
(e) om die kandidaat se bestuursvaardighede rakende geïntegreerde toepassing van verworwe kennis en vaardighede in werklike situasies te ontwikkel, nl. die hantering van boerdery-aktiwiteite en die prosessering van landbouprodukte.

- Studente wat die Meestersgraad per verhandeling doen, registreer onder die studiekode 5722.
- Studente wat die Meestersgraad een jaar gestruktureerd doen, registreer onder die studiekode 5723.

**Modulekodes**
'n Kandidaat wat vir die MScAgric.-graad registreer en 'n verhandeling (180 krediete) gaan indien, gebruik die toepaslike kode:

**Vir die MScAgric. in:**

| | |
|---|---|
| Agronomie | AGR700 |
| Besproeiingskunde | BSD700 |
| Biochemie | BOC700 |
| Biotegnologie | BTG700 |
| Entomologie | ENT700 |
| Genetika | GEN700 |
| Grondkunde | GKD700 |
| Hortologie | HRT700 |

| | |
|---|---|
| Landbou-ekonomie | LEK700 |
| Landbouweerkunde | LWR700 |
| Planteteelt | PLT700 |
| Plantpatologie | PPG700 |
| Veekunde | VKD700 |
| Voedselwetenskap | VWS700 |
| Weidingkunde | WDK700 |

Vir ten minste twee semesters doen 'n kandidaat navorsingswerk oor 'n goedgekeurde onderwerp, in oorleg met die Departementele Voorsitter, ter voorbereiding van 'n verhandeling wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word.

Die kandidaat sal minstens een seminaar/navorsingsverslag voordra in ooreenstemming met die departementele regulasies.

**REGULASIES**

**Let Wel**: Die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade (Algemene Regulasies A79 tot A107) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

**Reg. H22 - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A80.
(b) Kandidate moet aansoek doen by die Departementele Voorsitter vir toelating tot die Magister-graadstudie.
(c) Behoudens die bepalinge van Algemene Regulasie A80 moet 'n kandidaat om tot die MScAgric.-studie toegelaat te word
 (i) oor 'n BSc Agric Hons-graad beskik; en
 (ii) die hoof van die betrokke departement/sentrum vooraf oortuig dat hy/sy oor voldoende kennis van die vak beskik om toelating tot dié studie te regverdig.

**Reg. H23 - Wyse van aanbieding**

(a) Kyk Algemene Regulasie A86.
(b) Vir kandidate wat oor ‘n BSc Agric Hons-graad beskik word 'n verhandeling vereis, behalwe in die Departement Landbou-ekonomie se Sentrum vir Landboubestuur wat 'n verhandeling óf 'n skripsie en vraestelle kan vereis.
(c) Kandidate se aandag word gevestig op Algemene Regulasie A89 in verband met die vereistes gestel ten opsigte van verhandelinge.
(d) Kandidate sal minstens een seminaar/navorsingsverslag in elke studiejaar voordra in ooreenstemming met die departementele regulasies.

**Reg. H24 - Jaarsyfer/semestersyfer/slaagvereistes**

(a) Kyk Algemene Regulasie A92.
(b) Geen jaarsyfer/semestersyfer word vir die skripsies en vraestelle vereis nie.
(c) By die berekening van die finale slaagsyfer vir graaddoeleindes sal die gewig van die onderskeie modules vereken word volgens die persentasie wat die krediete daaraan relatief tot die totaal van die graad uitmaak.

**Reg. H25 - Leerprogramme vir die magistergraad in die Departement Landbou-ekonomie**

Toelating tot die studie is onderhewig aan goedkeuring deur die Departementele Voorsitter en n nagraadse keuringskomitee op grond van ‘n bevredigende studierekord en toepaslike vorige kwalifikasies. Ten einde toegelaat te word tot die MSc Agric. moet ’n kandidaat bewys lewer dat LEK601, LEK602, LEK603, LEK604 en LEK693 of ekwivalente modules suksesvol voltooi is. Die Departementele Voorsitter kan ook addisionele modules voorskryf vir toelating tot die MScAgric.-studie.

**Die vereistes vir MScAgric. in Landbou-ekonomie is:**

Vir kandidate met 'n toepaslike Honneursgraad word twee opsies gebied

**Opsie 1** 'n Verhandeling (LEK700, 180 krediete) (Studiekode 5722)

**Opsie 2** Minstens twee modules (15 krediete elk) en 'n uitgebreide skripsie (LEK791, 150 krediete) (Studiekode 5723)

---

**MAGISTER IN VOLHOUBARE LANDBOU** **M.V.L.**

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die doel van die nagraadse program in Volhoubare Landbou is om op 'n multi- en interdissiplinêre wyse nagraadse opleiding te bied in die ontwikkeling, instandhouding en bestuur van volhoubare landbouproduksiestelsels. Hierdie proses behels in die besonder die volhoubare benutting van natuurlike, ekonomiese en menslike hulpbronne vir die produksie van voldoende en veilige voedsel- en veselprodukte in al die klimaatstoestande van Suidelike Afrika, maar veral die hoë risiko semi-ariede streke. Toepaslike navorsing sal analitiese en kritiese denke stimuleer.

- Studente registreer onder die studiekode 5710.

**REGULASIES**

**Let Wel:** Die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade (Algemene Regulasies A79 tot A107) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

**Reg. H26 - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A80.

(b) Behoudens die bepalinge van Algemene Regulasie A80 moet 'n kandidaat om tot die M.V.L.-studie toegelaat te word, beskik oor een van die volgende:

   (i) 'n toepaslike driejarige graad plus toepaslike praktykervaring en/of toepaslike voorbereidende studie;

   (ii) 'n toepaslike vierjarige graad plus toepaslike praktykervaring en/of toepaslike voorbereidende studie; of

   (iii) 'n toepaslike Honneursgraad of 'n Honneursgraad en toepaslike voorbereidende studie en/of praktykervaring.

**Let Wel:** Die omvang, aard en toepaslikheid van praktykervaring en voorbereidende studie in (a) en (b) hierbo, sal deur die Direkteur van die Sentrum vir Volhoubare Landbou bepaal word.

**Reg. H27 - Wyse van aanbieding, assessering en eksaminering**

(a) Kyk Algemene Regulasie A86, A94, A95 en A96.
(b) Modules word op 'n basis van beperkte kontak met behulp van werkstukke en inwoningsessies aangebied.
(c) Hierdie opleidingsprogram bestaan uit vyf verpligte modules, drie opsionele modules en 'n uitgebreide skripsie wat onder andere bestaan uit 'n module oor navorsingsmetodologie, 'n volledige navorsingsprojekvoorstel en 'n finale navorsingsverslag in die formaat van 'n uitgebreide skripsie of artikel.
(d) Eksaminering (skriftelik en/of mondeling) vind plaas by wyse van 'n formele eksamen asook die werkstukke van elke teoretiese module. Die uitgebreide skripsie word aangebied en geëksamineer onder leiding van 'n studieleier en studieleidingskomitee.
(e) Modules sal aangebied word as jaarmodules of semestermodules, soos aangedui in die onderskeie studiehandleidings.

**Reg. H28 - Jaar- en slaagsyfer**

(a) Kyk Algemene Regulasie A92 en A93.
(b) 'n Jaarsyfer vir toelating tot die eksamen word vir al die modules vereis.
(c) Die wyse waarop 'n jaar- en slaagsyfer bereken word en/of 'n sub-minimum vir dele van 'n module vereis word, word in die onderskeie studiehandleidings van elke module aangetoon.

**Reg. H29 - Duur van studie**

Die studie word oor 'n minimum tydperk van twee jaar (minstens 240 krediete) aangebied.

**Reg. H30 - Leerprograminhoud**

**Skematiese voorstelling van leerprograminhoud**

**Kernmodules**

| Modulekode | Moduletema | Krediete |
|---|---|---|
| MVL720 | Inleiding tot volhoubare landbou en landelike ontwikkeling | 12 |
| MVL721 | Navorsingsmetodologie | 12 |
| MVL722 | Natuurlike landbouhulpbronne en die omgewing | 24 |
| MVL723 | Volhoubare benutting van natuurlike landbouhulpbronne | 24 |
| | | |
| MVL752 | Strategiese bestuur en beplanning in die landbou | 24 |

**Keusemodules: Drie modules (24 krediete elk) vanuit enige fokusarea**

**Fokusareas**

| Landelike ontwikkeling | Waarde toevoeging | Agribesigheids-bestuur | Plantproduksie | Diereproduksie |
|---|---|---|---|---|
| MVL730 | MVL740 | MVL750 | MVL761 | MVL770 |
| MVL731 | MVL741 | MVL751 | MVL762 | MVL771 |
| MVL732 | | | | |
| MVL733 | | | | |

**Skripsie**

MVL791 Uitgebreide skripsie (72 krediete) of MVL792 Navorsingsprojekvoorstel (24 krediete) + MVL793 Skripsie/artikel (48 krediete)

**(i) Verpligte modules MVL720, MVL721, MVL722, MVL723 en MVL752 asook die skripsie as navorsingskomponent met krediete soos afsonderlik aangedui:**

| Modulekode | Moduletema | Module-inhoud |
|---|---|---|
| **MVL720** | Inleiding tot Volhoubare Landbou en Landelike Ontwikkeling | Na voltooiing van die module sal die kandidaat in staat wees om die dinamika van volhoubare landbou en landelike ontwikkeling te verstaan en te kan evalueer. |
| **MVL721** | Navorsingsmetodologie | Kandidate sal toegerus word met kennis en vaardighede om 'n navorsingsprojek te formuleer, dit te ontrafel in komponente, verskeie tegnieke te kan bemeester om data te versamel en gevolglik sinvol verslag te kan lewer. |
| **MVL722** | Natuurlike landbouhulpbronne en die omgewing | Na voltooiing sal die kandidaat in staat wees om eienskappe van grond en weiding, wat as aanwysers van hierdie hulpbron se kwaliteit dien, by die assessering van volhoubare landboustelsels te kan selekteer asook klimaat en energie se belangrikheid as hulpbron in sulke stelsels te kan verduidelik. |
| **MVL723** | Volhoubare benutting van natuurlike landbouhulpbronne en die omgewing | Kandidate sal insig, kennis en vaardighede bekom oor die volhoubare benutting van die natuurlike hulpbronne klimaat, grond, weiding en energie tot voordeel van die mensdom sonder om die hulpbronne te benadeel. |
| **MVL752** | Strategiese bestuur en beplanning in die landbou | Na voltooiing van die module sal kandidate in staat wees om die beginsels en proses van strategiese bestuur, bemarking en beplanning te ken en sodanige plan te kan opstel vir n landbou-onderneming. |

**(ii) Keusemodules (24 krediete elk): [drie modules vanuit enige fokusarea]**

**(a) Fokusarea 1: Landelike ontwikkeling**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL730** | Landelike ontwikkelingsekonomie | Kandidate sal insig bekom in tipiese landelike eienskappe van armoede en agteruitgang. Kandidate sal voorts alternatiewe strategieë kan oorweeg en evalueer om voedselsekuriteit en ekonomiese groei te ontwikkel onder beperkende omstandighede. |
| **MVL731** | Landelike sosiologie | Kandidate sal die dinamika van bevolkingsgroei en -druk as veranderlikes in 'n volhoubare samelewingstruktuur kan verstaan en integreer met sosiale armoede en volhoubare landelike ontwikkeling. |
| **MVL732** | Landboutegnologie | Kandidate sal in staat gestel word om, onder andere, |

| | | |
|---|---|---|
| | | verskillende besproeiingspraktyke te ontwerp en ontwikkel, tegnologie in ontwikkelende streke te evalueer en sinvolle aanpassings te kan voorstel. |
| **MVL733** | Kommunikasie en tegnologie-oordrag vir volhoubare landbou | Na voltooiing van die module sal kandidate vertroud wees met die beginsels van kommunikasie en tegnologie-oordrag, kontekste van kommunikasie en toegepaste praktyke. |

**(b) Fokusarea 2: Waardetoevoeging en bemarking**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL740** | Landbouproduk-verwerking en -preservering | Na voltooiing van hierdie module sal kandidate in staat wees om die fisiese metodes van voedselpreservering te verstaan en dit in die praktyk te kan toepas met suiwel- en vleisprodukte, groente en vrugte asook grane, peulgewasse en oliesade. |
| **MVL741** | Plaaslike en internasionale landbou-bemarking | Kandidate sal in staat gestel word om die bemarkingsomgewing waarbinne landbou opereer, te verstaan binne plaaslke en internasionale konteks. Dit behels die aanleer van vaardighede wat verband hou met die ontleding van markte en handel asook die opstel van bemarkingsplanne. |

**(c) Fokusarea 3: Agribesigheidsbestuur**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL750** | Boerderybestuur vir Volhoubare Landbou | Kandidate sal in staat gestel word om finansiële- en risikobestuur te kan uitvoer in terme van die opstel, ontleding en vertolking van bestuursinligtingstelsels en finansiële begrotings. Vaardighede in terme van die bestuursproses en personeelbestuur sal ook opgedoen word. |
| **MVL751** | Geïntegreerde volhoubare landbou-produksiestelsels | In hierdie module word die kandidaat toegerus om modelsimulasies aan te wend vir kritiese besluitneming in die landbou tydens die integrering van landbou-produksiestelsels. |

**(d) Fokusarea 4: Plantproduksie**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL761** | Volhoubare plant-produksiestelsels | Hierdie module sal die kandidate in staat stel om volhoubare plantopeenvolgingspraktyke daar te stel deur strategiese gewas- en kultivarkeuse, grondbewerking, plantvoeding en waterhuishouding. Hierdie module dek beide agronomiese en hortologiese plantproduksiestelsels. |
| **MVL762** | Geïntegreerde plaagbestuur | Na voltooiing van hierdie module sal kandidate in staat wees om beginsels te kan toepas en beheerstrategieë te kan opstel vir die geïntegreerde en volhoubare bestuur van siektes en plae by gewasse. |

(**e) Fokusarea 5: Diereproduksie**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL770** | Volhoubare diere- | Hierdie module sal kandidate bevoeg maak om die drie |

| | | |
|---|---|---|
| | produksiestelsels | dimensies van diereproduksie, naamlik voeding, fisiologie en teling, te kan toepas in 'n voorgestelde intensiewe of ekstensiewe produksiestelsel. |
| **MVL771** | Volhoubare natuurleweproduksiestelsels | Kandidate sal in hierdie module begrip bekom in die eiesoortige voedingsbehoeftes van verskeie wildspesies en kundigheid en vaardighede aanleer om sodanige produksiestelsels op 'n volhoubare wyse te ontwikkel en onderhou. |

**(iii) Verpligte skripsie of alternatiewe opsie:**

Kandidate het 'n keuse tussen enige van meegaande twee alternatiewe ten einde sy/haar studies te voltooi met die verkryging van 72 krediete.

**(a) Alternatief 1: Skripsie**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL791** | Uitgebreide skripsie | Met die uitgebreide skripsie sal die kandidaat illustreer dat die aangeleerde kennis, kundigheid en vaardigheid bemeester is om alle faktore wat die volhoubaarheid van 'n landboustelsel te bepaal, te identifiseer en te ingetreer. Die resultaat van die projek sal deur middel van wetenskaplike verslaggewing in die vorm van 'n skripsie gerapporteer word. |

**(b) Alternatief 2: Navorsingsprojekvoorstel (24 krediete) en -skripsie of -artikel (48 krediete)**

| | | |
|---|---|---|
| **MVL792** | Kort skripsie/projekvoorstel | By wyse van vier temas binne hierdie module, sal kandidate vaardigheid aanleer om 'n sinvolle projekvoorstel te formuleer wat aanleiding sal gee tot die uitvoering en gevolglike daarstelling van 'n navorsingsverslag. |
| **MVL793** | Skripsie | Die finale uitset van die navorsingsprojek sal deur middel van wetenskaplike verslaglewering in die vorm van 'n navorsingsverslag of -artikel gerapporteer word. |

**EKWIVALENTE MODULES**

MVL701 ekwivalent aan MVL720 en MVL722
MVL702 ekwivalent aan MVL723
MVL703 ekwivalent aan MVL770
MVL704 ekwivalent aan MVL724 of MVL730
MVL705 ekwivalent aan MVL731
MVL706 ekwivalent aan MVL740
MVL707 ekwivalent aan MVL770
MVL708 ekwivalent aan MVL761
MVL709 ekwivalent aan MVL750
MVL710 ekwivalent aan MVL751
MVL711 ekwivalent aan MVL752
MVL712 ekwivalent aan MVL733
MVL713 ekwivalent aan MVL721
MVL714 ekwivalent aan MVL762
MVL791 klasbywoning en vakvoorligting gee erkenning vir MVL721

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die hoofdoel met die program is om opvoedkundige middele daar te stel vir rampbestuurpraktisyns of mense wat in die toekoms rampbestuurverantwoordelikhede kan hê met 'n holistiese benadering tot rampbestuur ten einde praktisyns in staat te stel om alle soorte rampe te bestuur deur proaktiewe rampbestuurstrategieë ingevolge wetgewing, beleid en voorskrifte te implementeer en noodleniging- en herstelprogramme doeltreffend te koördineer.

- Studente wat die Magister in Rampbestuur gestruktureerd doen, registreer onder die studiekode 5703.

**Let wel**: Die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade (Algemene Regulasies A79 tot A107 is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie Fakulteit).

**Reg. H26(a) - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A80.
(b) Benewens die bepalings van Algemene Regulasie A80 moet ‘n kandidaat wat vir die Magister in Rampbestuur wil inskryf oor een van die volgende beskik:
    (i) ‘n Toepaslike driejaargraad plus toepaslike praktiese ervaring en/of voorbereidende studies.
    (ii) Enige ander relevante graad, bv. vierjaar- en/of Honneursgraad of ‘n relevante ekwivalente professionele kwalifikasie met praktiese en/of voorbereidende ervaring sal kandidate in staat stel om die magistergraad in Rampbestuur te volg.

**Let wel**: ‘n Uitvoerende Komitee van DiMTEC sal die omvang, aard en geskiktheid van bovermelde ervaring en voorbereidende studie assesseer.

**Reg. H27(a) - Wyse van aanbieding, assessering en eksaminering**

(a) Kyk Algemene Regulasies A86, A94, A95, A96.
(b) Kandidate het elke jaar drie formele kontaksessies van drie dae. Gedurende die eerste kontak-sessie ondergaan studente oriëntasie en al die modulemateriaal vir die eerste jaar.
(c) Die program bestaan uit agt verpligtende modules, twee keusevakke en ‘n navorsingsprojek in skripsieformaat.
(d) Die program is in modules gestruktureer en vereis dat praktiese take deur kandidate afgehandel word en teen vooraf bepaalde datums ingedien word. Die dosente sien die take na, ken syfers toe en gee terugvoering aan kandidate. Gedurende kontaksessies gee hulle ook mondelinge terugvoering. Take is deel van ‘n voortdurende assesseringsproses. Benewens die take is daar aan die einde van elke semester, gewoonlik in Junie en November, ‘n formele assessering (geskrewe of mondeling).
(e) Praktiese eksamen gedurende die tweede jaar is verpligtend.

Kandidate wat nie die tweede jaar van die Magister in Rampbestuur suksesvol voltooi nie, sal uit die program kan tree met 'n **Gevorderde Diploma in Rampbestuur** op die voorwaarde dat hy/sy die agt verpligte modules in die eerste jaar van die Magister in Rampbestuur suksesvol voltooi het.

**Reg. H28(a) - Jaarsyfer en slaagsyfer**

(a) Kyk Algemene Regulasies A92 and A93.
  (a) ‘n Jaarsyfer vir toelating tot die eksamen word vir al die teoretiese modules vereis.
  (b) Die wyse waarop ‘n jaarsyfer en slaagsyfer bereken word en of ‘n subminimum vir dele van ‘n module vereis word, is in die betrokke studiegids vir elke module vervat.

**Reg. H29(a) - Duur van die studie**

Die module word oor ‘n minimum tydperk van twee jaar (voltyds) aangebied. Kandidate kan egter die module oor ‘n driejaartydperk (deeltyds) volg deur vir minder vakke per jaar te registreer. Voornemende deeltydse kandidate moet hul deeltydse studie met die Direkteur van DiMTEC uitklaar.

**Reg. H30(a) - Leerprogram**

**Eerste semester**
**Modulekode**

| | |
|---|---|
| DIM601 | Navorsingsmetodologie |
| DIM602 | Gevaar- en Rampbestuur |
| DIM603 | Strategiese Rampbestuur |
| DIM604 | Rampbestuursbeginsels en -praktyke |

**Tweede semester**
**Modulekode**

| | |
|---|---|
| DIM605 | Gevorderde Ramprisikobestuur |
| DIM606 | Inligtingstegnologie in Rampbestuur |
| DIM607 | Openbare Gesondheid |
| DIM608 | Bestuur van Rampe (natuur en mensgemaak) |

**TWEEDE AKADEMIESE JAAR**

**Verpligtend**

| | |
|---|---|
| DIM791 | Uitgebreide skripsie |

**Keusevakke (kies enige twee):**

| | |
|---|---|
| DIM701 | Traumabestuur |
| DIM702 | Politieke strategiese beplanning |
| DIM703 | Inligtingsbestuur |
| DIM704 | Etniese en kulturele gedrag |
| DIM705 | Die bestuur van mediaverhoudinge |
| DIM706 | Omgewingsrisiko- en impakbepalings |
| DIM707 | Rampkwesbaarheid- en risikobepalings. |

**INHOUD VAN MODULES**

**DIM601 – Navorsingsmetodologie (15 krediete)**
Ontwikkeling van kennis en vaardighede van studente om kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing te doen. Beplanning, ontwerp en bestuur van praktiese navorsing. Verstaan deelnemendeaksie-navorsing (DAN). Samestelling en aanbieding van projekvoorstel vir mini-verhandeling.

**DIM602 – Gevaar- en Rampbestuur (15 krediete)**
Verstaan rampgevare en hoe hulle rampbedreigings inhou. Kategorieë en eienskappe van rampbedreigings. Leer van omgewings- en ander gevare; identifisering, beskrywing en bestuur van alle potensiële gevare wat in die gebied van verantwoordelikheid voorkom.

**DIM603 – Strategiese Rampbestuur (15 krediete)**
Verstaan die toepassing van die beginsels en prosedures van strategiese bestuur in die domein van rampbestuur. Strategiese bestuursbeginsels, -metodes en middele. Ontwikkel strategiese denke op die gebied van rampbestuur. Verbeter die gehalte van humanitêre omgewingsbepaling, -beplanning, organisering, leierskap en monitering en assessering van alle rolspelers in rampbestuur.

**DIM604 – Rampbestuursbeginsels en -praktyke (15 krediete)**
Oorweeg die belangrikste faktore wat aandag moet geniet by die implementering van Rampbestuur. Nasionale en internasionale rampbestuurwetgewing, sleutelfaktore, beginsels en etiese oorwegings vir effektiewe beplanning, beheer, koördinering, monitering en implementering van Rampbestuur.

**DIM605 – Gevorderde Ramprisikobestuur (15 krediete)**
Uitvoer van ‘n kwalitatiewe en kwantitatiewe risiko- en kwesbaarheidsbepaling. Geëntegreerde risiko- en hulpbronbepaling. Gevaarkartering. Bepaling van potensiële rampverliese. Bepaling van vlakke van aanvaarbare risiko. Gebruik van GIS as metode om risiko te beheer en kwesbaarheid te bepaal.

**DIM606 – Inligtingstegnologie in Rampbestuur (15 krediete)**
Verstaan die skakel tussen besluitneming en inligting. Verstaan en klassifiseer inligtingstelsels wat ‘n impak op die dinamiese rampomgewing kan hê. Dui die proses van die ontwikkeling van ‘n Bestuursinligtingstelsel aan. Verstaan die konsep van simulasie by besluitneming vir rampbestuur. Demonstreer hoe verskillende inligtingtegnologieë by rampbestuur gebruik kan word.

**DIM607 – Openbare Gesondheid (15 krediete)**
Verstaan konsepte met betrekking tot Openbare Gesondheid ten opsigte van biologiese gemeenskapgesondheid en psigososiale en sekere geestesgesondheidimplikasies van rampe. Biologiese oorlogvoering, veeartsenykundige risiko’s, epidemiologie: gemeenskapassessering, infeksiebeheer en voorkoming van siektes. Hantering en bestuur van gesondheidrisiko’s gedurende rampe en/of konflik. Psigososiale aspekte van MIV/vigs geestesgesondheiduitbranding.

**DIM608 – Bestuur van Rampe (natuur en mensgemaak) (15 krediete)**
Verstaan die kritieke gemeenskaplike faktore by reaksie op rampe. Demonstreer die bestuurs-beginsels van ten minste vier natuurlike en vier mensgemaakte rampe. Bepaling van gevare en risiko’s. Kwesbaarheidanalise. Bepaling van die impak van rampe. Sosiale, ekonomiese en omgewingsimpak. Formulering van gevaar- en risikoverminderingstrategieë. Formulering van voorkomings- en verligtingstrategieë.

**DIM701 – Traumabestuur (30 krediete)**
Die bestuur van krisisintervensie en traumabestuur om slagoffers van traumatiese insidente te ondersteun. Posttraumatiese stres en uitbranding wat voortspruit uit langtermynblootstelling aan traumatiese insidente en die emosionele nood van slagoffers van trauma. Aksiestrategieë vir krisis-werkers. Hanteringstrategieë en bestuursbeginsels van natuurlike rampe, mensgemaakte rampe, gesins- en seksuele geweld en beserings, chroniese en lewensbedreigende siektes.

**DIM702 – Politieke strategiese beplanning (30 krediete)**
Die hoofdoel met hierdie module is die ontwikkeling van gesofistikeerde tegnieke binne die konteks van politieke omgewingsanalise met spesifieke klem op vooruitskouing. Spesifieke aandag word aan scenario-ontwikkeling as tegniek vir die voorspelling van die toekoms gegee.

**DIM703 – Inligtingsbestuur (30 krediete)**
Die module gee pertinent aandag aan inligting wat binne die organisasiekonteks nodig is. Die belangrikheid van inligting aan die bestuurder, hoe hy/sy dit toepas, hoe die inligting ingewin word en uit watter soort bronne, is slegs 'n paar van die kwessies wat bespreek word. Toepassings van inligting in die nywerheid, inligtingstelsels en die bestuur daarvan, asook die integriteit daarvan word verken.

**DIM704 – Etniese en kulturele gedrag (30 krediete)**
Die natuur en die ontwikkeling van die mens se bewoning van die aarde. Die aard van bewoning in Afrika. Inheemse bewoningspatrone. Formele en informele verstedeliking. Antropologie van armoede. Etnografie van verstedeliking. Die etniese en kulturele invloede op menslike bewoning van multikulturele stedelike omgewings. Probleme wat geskep word deur die huidige tendense in stedelike bewoning uit 'n antropologiese perspektief.

**DIM705 – Die bestuur van mediaverhoudinge (30 krediete)**
Verstaan die invloed van die outydse liefdadigheidsbenadering en die regte-gebaseerde benadering tot die verskaffing van humanitêre hulp op die publiek se deelname. Rol van gemeenskappe in alle fases van rampbestuur indien 'n deelnameprogram vir die publiek doeltreffend beplan en gekoördineer word. Risikokommunikasie. Vrystelling van inligting aan die gemeenskap.

**DIM706 – Omgewingsrisiko- en impakbepalings (30 krediete)**
Bepaling van omgewingskade: skaderisiko-assessering van menslike lewens, plase en die veld, water- en akwatiese lewe en lug, plantegroei en stratosfeer. na-skadeassessering. Voor- en na-skade-hulpmiddels. Sosiale dimensies van omgewingsdegradasie; droogte-risiko's en impak op voedselproduksie en -voorraad, siekte-epidemies, politieke konflik, vlugtelinge en besoedelende storting. Ekonomiese impak van rampe; ekonomiese risiko-assessering, waardering van rampskade (kosteopbrengsontleding en omgewingsimpakassessering) en voorspelling van ramprisiko's. Biologiese en biofisiese aspekte van omgewingsdegradasie; aanvalle van plae en siektes, mikro-organismes as besoedelingsmiddele van voedsel en drinkgoed, die rol van mikro-organismes in biodegradasie. Beleiddimensies tot omgewingsrampe.

**DIM707 – Rampkwesbaarheid- en risikobepalings (30 krediete)**
Kwantitatiewe metode om kwesbaarheid en risiko te bepaal. Gevallestudies om die kwesbaarheid van gemeenskappe en gemeenskappe wat risiko loop, te bepaal. Aktuariële waarskynlikheidsteorie. Bepaling van die waarskynlike rampverlies. Gebruik van kwesbaarheid- en risikobepaling om voorkoming- en verligtingstrategieë te formuleer.

**DIM791 – Uitgebreide skripsie (90 krediete)**

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die doelstellings van dié graadstudie is

(a) om gespesialiseerde nagraadse landboubestuuronderrig te gee en navorsingsopleiding te bied;
(b) om die kandidaat so te lei dat hy/sy die beginsels, begrippe en kennis van landboukundige en bestuurswetenskappe sinvol kan integreer, kommunikeer en toepas;
(c) om toepaslike navorsingsvaardighede te bevorder ten einde die kandidaat in staat te stel om hom/haar as ‘n spesialis te kwalifiseer.

- Studente wat die Magister Agriculturae per verhandeling doen, registreer onder die studiekode 5725.
- Studente wat die Magister Agriculturae een jaar gestruktureerd doen, registreer onder die studiekode 5726.

**Modulekodes**

‘n Kandidaat wat vir die M.Agric.-graad registreer en ‘n verhandeling (180 krediete) gaan indien, ge bruik een van die volgende kodes:

| | |
|---|---|
| Landboubestuur | LBB700 |
| Besproeiingsbestuur | BSB700 |
| Natuurlewebestuur | NLB700 |

**REGULASIES**

**Let Wel:** Die algemene regulasies ten opsigte van magistergrade (Algemene Regulasies A79 tot A107) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

**Reg. H31 - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A80.

(b) Behoudens die bepalinge van Algemene Regulasie A80 moet ‘n kandidaat om tot die M.Agric.-studie toegelaat word:
  (i) die hoof van die betrokke departement/sentrum vooraf oortuig dat hy/sy oor voldoende kennis van die vak beskik om toelating tot dié studie te regverdig; en
  (ii) oor ‘n B.Agric.Hons-graad of ‘n gelykwaardige kwalifikasie beskik

**Reg. H32 - Wyse van aanbieding**

(a) Kyk Algemene Regulasie A86.
(b) Vir kandidate wat oor ‘n B.Agric.Hons-graad beskik, word ‘n verhandeling (BSB700, LBB700 of NLB700), of in Landboubestuur ‘n uitgebreide skripsie (LBB791) plus twee toepaslike nagraadse modules wat in oorleg met die Departementele Voorsitter gekies word, vereis.:

LBB701**Gevorderde landboubestuur** – Effektiewe bestuurstyle, leierskap en inligtingstelsels en
LBB702**Produksiebestuur** – Na die suksesvolle voltooiing van die kursus, sal die student die teoretiese konsepte van produksie ekonomie verstaan wat onder meer die volgende insluit;

inset/uitset, inset/inset, en uitset/uitset verhoudings; ekonomiese optimale inset en uitset vlakke; en ekonomie van skaal. Die student sal in staat wees om alomvattende onderneming begrotings op te stel vir kontant- en meerjarige gewasse, weiding en lewendehawe ondernemings met spesiale verwysing na die inagneming van die beskikbaarheid, en die kwaliteit van natuurlike hulpbronne. Met behulp van werklike studies, sal die student verstaan hoe teoretiese konsepte toegepas word in die praktyk met die neem van bestuursbesluite om te kies tussen verskillende produksie alternatiewe, produksie prosesse, en die aanneming van nuwe tegnologie. Die student sal in staat wees om die finansiële impak van bestuurs besluite te assesseer, binne 'n studie van sy/haar keuse.

Een of albei bogenoemde modules kan in oorleg met die Departementele Voorsitter vervang word met toepaslike nagraadse modules uit 'n ander vakrigting.

(c) Kandidate se aandag word gevestig op Algemene Regulasie A89 in verband met die vereistes gestel ten opsigte van verhandelinge.

**Reg. H33 - Jaarsyfer/semestersyfer/slaagvereistes**

(a) Kyk Algemene Regulasie A92.
(b) Geen jaarsyfer/semestersyfer word vir die skripsies vereis nie.
(c) By die berekening van die finale slaagsyfer vir graaddoeleindes sal die gewig van die onderskeie modules bereken word volgens die persentasie wat die krediete daarvan relatief tot die totaal vir die graad uitmaak.

# Doktorsgrade (NKR vlak 10)

**Grade**
Die volgende doktorsgrade word in die Landbouprogram toegeken:

| Graad | Minimum tydperk van studie | Afkorting | Studiekode | Bladsy |
|---|---|---|---|---|
| Philosophiae Doctor | 2 jaar | PhD | 5910 | 97 |
| Doctor Scientiae | Kyk regulasies | D.Sc. | 5920 | 98 |

**PHILOSOPHIAE DOCTOR** **PhD**
**Studiekode 5910**

**INLIGTING**

**STUDIEDOELSTELLINGS**

Die doelstelling met dié graadstudie is:
(a) om die kandidaat die geleentheid te bied om bewys te lewer dat hy/sy onafhanklik navorsing kan beplan en doen, en die resultate daarvan kan interpreteer en weergee;
(b) om die kandidaat in staat te stel om deur middel van verdiepende studie 'n oorspronklike bydrae tot die vakgebied te maak.

**Modulekodes**

'n Student wat vir die PhD-graad (360 krediete) registreer, gebruik een van die volgende kodes:

| | |
|---|---|
| Agronomie | AGR900 |
| Besproeiingsbestuur | BSB900 |
| Besproeiingskunde | BSD900 |
| Biochemie | BOC900 |
| Biotegnologie | BTG900 |
| Dierkunde | DRK900 |
| Entomologie | ENT900 |
| Genetika | GEN900 |
| Grondkunde | GKD900 |
| Landboubestuur | LBB900 |
| Landbou-ekonomie | LEK900 |
| Landbouweerkunde | LWR900 |
| Natuurlewebestuur | NLB900 |
| Planteteelt | PLT900 |
| Plantpatologie | PPG900 |
| Veekunde | VKD900 |
| Verbruikerswetenskap/Huishoudkunde | HDK900 |
| Voedselwetenskap | VWS900 |
| Volhoubare Landbou | VHL900 |
| Weidingkunde | WDK900 |

**REGULASIES**

**Let Wel:** Die algemene regulasies ten opsigte van Doktorsgrade (Algemene Regulasies A108 tot A126) is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

**Reg.H34 - Toelating**

(a) Kyk Algemene Regulasie A109.
(b) Kandidate moet volgens die voorgeskrewe vorm aansoek doen by die Departementele Voorsitter vir toelating tot die Doktorsgraadstudie.
(c) Behoudens die bepalinge van Algemene Regulasie A109 moet 'n kandidaat, om tot die PhD-studie toegelaat te word,
(d) oor 'n M.Agric. of MScAgric. of M.V.L.-graad beskik; en
(e) die hoof van die betrokke departement vooraf oortuig dat hy/sy oor voldoende kennis van die vak beskik om toelating tot dié studie te regverdig.

**Reg. H35 - Samestelling van leerprogramme en duur van studie**

(a) Kyk Algemene Regulasie A113.
(a) 'n Proefskrif (360 krediete) word vereis waarvan die onderwerp in oorleg met die betrokke Departementele Voorsitter bepaal word.
(c) Vir ten minste vier semesters doen 'n kandidaat navorsingswerk oor die goedgekeurde onderwerp ter voorbereiding van die proefskrif wat as enigste vereiste vir die graad ingedien moet word. Die kandidaat sal minstens een seminaar/navorsingsverslag voordra, in ooreenstemming met die departementele regulasies.

**Reg.H36 - Wyse van aanbieding en eksaminering**

(a) Kyk Algemene Regulasie A115.
(b) Ooreenkomstig Algemene Regulasie A115(b) word 'n proefskrif vereis.

**Reg.H37 -** 'n Kandidaat wat volgens Reg. A80 toegelaat is tot die magisterstudie kan in oorleg met die studieleier na 'n studie- en registrasieperiode van minstens een jaar op aanbeveling van die eksamenkomitee, die betrokke Departementele Voorsitter en die Navorsingskomitee van die Fakulteit via die Dekaan, aansoek doen om toegelaat te word vir die voortsetting van sy/haar studie vir die PhD-graad. Na toelating vir die PhD-studie moet minstens 2 jaar verloop voordat die PhD-graad toegeken word. Die graadstudie sal dus oor 3 jaar strek.

---

**DOCTOR SCIENTIAE** **D.Sc.**
**Studiekode 5920**

---

**REGULASIES**

**Reg.H38 -** Algemene Regulasies A127 tot A132 ten opsigte van die graad Doctor Scientiae is *mutatis mutandis* van toepassing op hierdie fakulteit.

______________